



2007:2

**MATIE  
LAND**



**Noot vir  
Noot met  
Johan  
Stemmet**

Read *Matieland* in English at [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net)

Tel: +27 (0)21 887 4740  
info@annabasson.co.za

[www.annabasson.co.za](http://www.annabasson.co.za)



Verhuring / Rentals  
+27 (0)21 887 5119

[rentals@annabasson.co.za](mailto:rentals@annabasson.co.za)

Oevertuyn - R 2 500 000



Tucked away in a security complex in town centre. Walk to restaurants, coffee shops and theatres. 3 Bedr, 2 bathr. Ideal lock-up-and-go.

Mostertsdrift - R 5 500 000



Sole Mandate

Victorian gem with beautiful oregan floors, high ceilings, sash windows and modern country kitchen. Pool with sun deck.

Sentraal - R 2 675 000



One of a kind! Beautiful 1 bedr flat with study in central town. Exceptional finishes! This is an opportunity not to be missed!

De Zalze Winelands Golf Estate - P.O.R



Security, tranquillity and views! Excellent life style investment. 3 Bedrooms (en-suite), study, heated pool.

Krigeville - R 4 950 000



Sole Mandate

A perfect property on the doorstep of a number of schools. 4 Bedrooms, 3 bathrooms and guest flat. Excellent entertainment areas.

Paradyskloof - R 6 400 000



Liggings, sekuriteit en uitsig! Ruim onthaalareas, tuisteater, studeerk, 4 slaapkamers, 3 badkamers en gourmet kombuis.

Simonsrust - R 1 580 000



Goed geleë t.o.v. US en inkopiesentrum. 3 Slaapkamer, 2 badkamer eie titel dorpshuis met motorhuis. Sekuriteitsontwikkeling.

Karindal - R 3 500 000



Sole Mandate

Add value to this 3 bedroomed home in lush garden close to Eerste River, as so many neighbours have done in this area.

Welgevonden



Uiters gewilde sekuriteitsontwikkeling met eie titel dupleks dorpshuise net buite Stellenbosch. Pryse vanaf R 1 230 000.

Berg-en-Dal - R 999 000



Own title duplex town house in security complex with pool. Ideal for students and investors. High rental income.

Woonstelle / Flats - Idas Valley

Botmashoogte

ALLEENMANDAAT

Geen hereregte - Kies u eie afwerkings  
Uitstekende sekuriteit - Internet toegang

Eenmanswoonstel

R 350 000 - 31m<sup>2</sup>

Eenslaapkamer

R 450 000 - 43m<sup>2</sup>

R 495 000 - 52m<sup>2</sup>

Tweeslaapkamers

R 495 000 - 51m<sup>2</sup>

R 665 000 - 70m<sup>2</sup>



Woonstelle / Flats



Te kies en te keur. TE KOOP en  
TE HUUR! Kontak ons vir studente  
behusing.

A large variety of flats FOR SALE and  
TO RENT!!


**VOORBLAD:**

Noot vir Noot se  
Johan Stemmet is 'n  
MatiesAlumnus wat  
miljoene Suid-Afrikaners  
oor generasies heen  
vermaak.

Foto: Met vergunning  
van die SABC

Die Universiteit se oudstudente en donateurs  
ontvang *Matieland* gratis.

**REDAKTEUR: MARTIN VILJOEN**
**REDAKSIEKANTOOR**

Bemerk en Skakeling, Privaat Sak XI,  
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921, Faks (021)  
808 3800, E-pos: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE**

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting,  
Privaat Sak XI, Matieland, 7602,  
Tel. (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026,  
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957  
Jaargang 50 02:2007  
ISSN 0025 5947

**ONTWERP EN UITLEG**

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative  
Communication Solutions,  
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**DRUK: ASM-USD**
**FRONT COVER:**

Popular game show host Johan Stemmet is a  
MatiesAlumnus who has been entertaining  
generations of South Africans.

**PHOTO:** Courtesy of the SABC

*Matieland* is mailed free of charge to the  
University's alumni and donors.

**EDITOR: MARTIN VILJOEN**
**EDITORIAL OFFICE**

Marketing and Liaison, Private Bag XI,  
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921,  
Fax (021) 808 3800, E-mail: dd@maties.sun.ac.za

**CIRCULATION**

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation,  
Private Bag XI, Matieland, 7602,  
Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026,  
E-mail: alumni@.sun.ac.za

Published since 1957

Year 50 02:2007

ISSN 0025 5947

**DESIGN AND LAYOUT**

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative  
Communication Solutions, Tel. (021) 947 3508,  
www.outoftheblue.co.za

**PRINTING:** ASM-USD

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie nood-  
wendig dié van die redakteur of die Universiteit  
Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not  
necessarily that of the editor or Stellenbosch  
University.

# inhoud contents

**REDAKSIONEEL EDITORIAL**

1

**BRIEWE LETTERS**

3

**BROKKIES SNIPPETS**

6

**ARTIKELS ARTICLES**

- |  |    |
|--|----|
| Takseer hom op sy onderbaadjie – Noot vir Noot se Johan Stemmet        | 10 |
| Innovative support systems add to academic success                     | 12 |
| Interaktiewe TV word toenemend kennisvennoot vir<br>nagraadse studente | 14 |
| 'n Kovsie is die nuwe Viserektor: Onderrig                             | 15 |

**NAVORSING RESEARCH**

- |   |    |
|---|----|
| US ontvang nog vyf navorsingsleerstoele                         | 16 |
| Biowiskunde ondersteun navorsing oor gesondheid en die omgewing | 16 |
| 'n Tuiste vir nuwe idees  | 17 |

**MATIELAND 50**

19

**FAKULTEITE FACULTIES**

- |  |    |
|--|----|
| US lei met internasionale Sangsimposium                                | 27 |
| Postgraduate Education programmes pass with flying colours             | 27 |
| Stellenbosch research receives international recognition               | 28 |
| Jo Barnes se jare van toewyding beloon                                 | 29 |
| Valerie Corfield opens up science to learners                          | 29 |
| Vuil water nagevors  | 30 |
| SU's aquaculture projects receive major financial investment           | 30 |
| Boegoe, rooibos, groente en speserye verander lewens<br>regdeur Afrika | 31 |
| Gesofistikeerde skandeerdeerder 'n eerste in Afrika                    | 32 |
| Geologie-student vereer vir Tankwa Karoo-studie                        | 32 |
| Nuwe spesie 'n bonus   | 33 |

**ALLERlei MISCELLANEOUS**

- |                                   |    |
|-----------------------------------|----|
| Skud jou biscuit op die Dansbaan! | 34 |
| Sukses in 30 sekondes             | 35 |

**MATIESALUMNI**

36

**SPORT**

40

**STELLENBOSCH STIGTING FOUNDATION**

42

**IN MEMORIAM**

43

**AGTERBLAD (ADIEU, PROF ELIZE)**

44



UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY  
jou kennisvennoot-your knowledge partner





## redakteursbrief

# 50 is die nuwe 30

Hulle sê 50 is die nuwe 30. Dis nou as jy 'n klompie nuusberigte van die afgelope jaar of twee moet glo!

Verbeterde mediese sorg, voedselaanvullings en 'n langer lewensverwagting laat 50-jariges toe om dieselfde ideale en drome, lewenslus, loopbaanvoortsigte én spierkrag te hê as wat 30-jariges net twee of drie dekades gelede gehad het. Dis mos nou goeie nuus daar!

Dit beteken ook dat as iemand vir jou vra hoe oud jy is, jy eers moet besluit hoeveel "biogenetiese jare" jy vir jouself gaan aftrek. As jy dus 55 is, dan sê jy sonder om te blik of te blos jy is 35. Lekker!

Biogenetika ten spyte is dit tog interessant hoeveel mense jare jonger lyk as wat hulle regtig is. Of dalk is daar iets in hul kleredrag, wat hulle doen of die entoesiasme wat uit hulle stroom. Miskien is ouerdom tog maar alles in die kop.

Teen die tyd dat jy hierdie uitgawe van *Matieland* kry, is dit vir baie van ons al amper vakansietyd. Dit is dalk nou die ideale tyd om oor jou biogenetiese ouerdom te besluit. Trek 'n lekker klompie jare af en leef jou nuwe ouerdom uit!

### Matieland 50

*Matieland*, een van die oudste studenteblaeie in die land, is vanjaar 'n stewige 50 jaar oud, maar bokspring nog lekker jonk en lewendig rond.

Op hierdie 50 somers is ons nie min trots nie. En met die "ons" bedoel ek natuurlik nie net die Universiteit nie. *Matieland* was van die begin af ook 'n alumni-poging. Trouens, *Matieland* is in die beginjare grootliks deur oudstudente gefinansier tot waar dit vandag aan meer as 80 000 Maties-alumni gestuur word.

Hans Oosthuizen, redakteur vir 20 jaar van 1982 tot 2001, het 'n pragbylae opgestel oor *Matieland*. Lees vanaf bl. 19 oor onder meer *Matieland* se ontstaan, watter bekendes al kom besoek afluê het en watter Matie-sportlegendes *Matieland* se blaaike versier het.

Kom vier dit saam met ons.

### Elize Botha, 1930 - 2007

Ons geliefde Kanselier, prof Elize Botha, is op 16 November op 76-jarige ouerdom oorlede. *Matieland* was reeds voltooi toe ons die nuus van haar afsterwe ontvang het, maar met 'n uittreksel uit haar Kanseliersverslag van 2005, gee ons op bl 44 vir ons formidabele Kanselier die laaste sê...

*Martin*

Martin Viljoen  
Redakteur

NS Hou van die nuwe voorblad?

Die Kanselier, prof Elize Botha en die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman.



## Yvonne Malherbe (née de Villiers), Kaapstad:

**M**y oog vang die advertensie in die Matieland en my hart klop skielik vinniger Dis amper 60 jaar gelede wat ek laas in die koor gesing het, maar die keer gaan ek die geleentheid nie mis nie!

Kaapstad, waar ek nou bly, en Stellenbosch is mos naby mekaar en na 'n paar oproepe en reëlings vir verblyf, want die tyd is min, ry ek 'n paar dae later na my ou Alma-Mater, die plek waar ek seker van die gelukkigste vier jare van my jong lewe deurgebring het.

Soos te verwagte het die Eikestad drastiese veranderinge met groot uitbreidings en modernisering ondergaan, soveel so dat ek verdwaal het en die padkaart nader moes sleep.

Ek kry eindelik die Konservatorium en word ingelig oor die program vir die naweek se aktiwiteite deur 'n baie besige groepie studente. Alles is vreemd vir my, die geboue, die atmosfeer, winkels en selfs die strate met karre net waar jy kyk. Skielik verlang ek terug na die rustiger en tog woeliger tye toe fietse of dapper en stapper ons enigste vervoermiddel was.

Ek skakel my tweeling kleinkinders, nou al tweedejaar studente en hulle neem my na een van die baie koffiekroegies of liewer straatkafeetjies.

Die aand word ons vergas met 'n ongelooflike konsert. Koorsang soos ek nog nooit voorheen gehoor het nie. Ten spye van die verruklike musiek voel ek al hoe meer soos 'n vreemdeling.

Saterdagoggend kom almal saam in die Studentekerk vir die laaste kooroefening. My laat deelname het my onbekwaam gemaak om saam te sing want ek ken nie een van die koorstukke nie. Met die fotosessie is ons net 'n paar oumensies van 60 jaar gelede, ek herken niemand en niemand my nie.

Die kerk is koud, ek soek 'n stukkie son, sit eenkant terwyl soprano, basse, alte en tweede soprano elk opgewonde op en oor kerkbanke klim vir hul beskore plekkie in die koor. 'n Kerkdiens van 60 jaar gelede neem skielik oor. Hoor en sien verdwyn want ek sit en droom, droom van die liefde, my eerste liefde, en wonder waar jy is.

My hartklop het nou oorgeneem, my gedagtes op die loop! Die soprano sing 'n hoë noot en ek is skielik weer in die hede.

Ek weet waar jy is en dis nie hier nie! Dood, die finale afskeid is 'n werklikheid, tog voel dit of jy nog hier by my is.

Die koue alleenheid laat my bewe, ongevraagde trane glip uit my oë.

Wat nou is, is ver verwyn van die polsende hol gevoel wanneer jy by die koshuis voordeur staan, die klokkie druk - "kort-lank-lank-kort en ons saam onder die eikebome deur Stellenbosch se strate stap.

Jy hou styf, ons nagsoen lank en innig. Sien jou môre, want môre is 'n nuwe dag

Soos al die agt-en-vyftig jaar se môres wat nog sou kom.

Terug na die hede. Die koor het klaar geoefen en verdaag. Skielik is dit stil, ek loop die ou bekende strate, verby Wilgenhof tot by die plek waar Omie Eike se kafeetjie was, waar ons een Coke met twee strooitjies saam gedrink het. Die sakgeld was maar skraps.

Ek sien die 'nou' maar leef terug in vergange jare.

Langs Eersterivier het ons varkore en kappertjies gepluk, maar nou koester die koelte van die eike en die bekende waterstroompie my in 'n kombers van nostalgie.

Sondagmiddae het ons met ons fietse na Du Toitstasie gery om sendingwerk te doen. Beelde van ons doen en late flits deur my gedagtes. Intervarsity, Lentedag 1945 toe ons "gekys" geraak het; 'n "kys" wat 58 jaar geduur het, totdat die dood jou weggenem het, en my trane in hartseer snikke end. Ek bly die toeskouer, die eenkant vreemdeling wat geen kontak met die hede het nie.

Terug by die gastehuis, pak ek my tassie en vroeg Sondagoggend, sonder om verder aan enige van die byeenkomsteel te neem, vat ek die pad al huilend terug Kaap toe.

Stellenbosch en reünies is nie meer vir my nie!

Ons studentejare is te oorweldiging ingeëts op elke vesel van my wese, die werklikheid van alleenwees nog te veel vir my.

Studentejare is vir die jeug met hul drome en ideale wat nog bereik moet word. Reünies vir dié wat nog vreugde in die 'nou' en die 'onthou jy nog' met mekaar kan deel.

Ek maak liefs die boekie van die verlede toe en bêre dit soos kosbare juwele wat net elke nou en dan genot verskaf. 58 jaar se liefde en geluk, my kosbare 'klein-nood', die fondament en skuling vir die 'nou' Alleen wees 'n nuwe bladsy om te ontdek.

Dankie Stellenbosch, dankie Stellenbosch Koor.



## Skryf en wen!

Wat 'n wenbrief het Yvonne Malherbe van Kaapstad nie geskryf nie! Vir jou stuur ons 'n spesiale Matie vlieskombers met die komplimente van die Matiewinkel (sien [www.matie-e-winkel.com](http://www.matie-e-winkel.com)). 'n Eksemplaar van *Matieland is Rugbyland* is ook op pad na jou toe!

## Kry dit van jou hart af!


Skryf 'n brief aan *Matieland* en sê wat op jou hart is.

Briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moet verkieslik nie langer as 250 woorde wees nie.

Rig jou briewe aan: Die Redakteur: *Matieland*, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602.

Briewe kan ook gefaks word na tel (021) 808 3800 of per e-pos gestuur word na [media@sun.ac.za](mailto:media@sun.ac.za).

## NOG REDE VIR RUGBYVREUGDE



In Groot deel van die roemryke geskiedenis van Matierugby is pas in 'n pragpublikasie van meer as 250 bladsye geboekstaaf.

*Matieland is Rugbyland 1980 - 2006* is geskryf deur Floris van der Merwe, reeds bekroon met die Stalsprys vir Sportgeskiedskrywing deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

It is opgedra aan wyle Dok Craven, 'n naam die wêreld oor so sinoniem met rugby soos Don Bradman in krieket of Muhammed Ali in boks. Die Danie Cravenbeursfonds het die boek geïnisieer.

*Matieland is Rugbyland* bring hulde aan elke speler, afrigter en administrator wat die klub in hierdie tydperk gedien het. Die boek bevat nie net biografieë van al die Springbokke wat die Universiteit in dié tyd opgelewer het nie, maar ook staaltjies oor en uitslae van intervarsities, koshuisrugby, klubtoernooie, ens. En natuurlik word daar nie bietjie gespog oor prestasies die afgelope paar dekades nie, soos dat die klub tussen 1980 en 2006 die WP se Groot Uitdaagbeker 19 keer gewen het, die nasionale klubkampioenskappe sewe keer en die Melrose Internasionale Sewes twee keer.

Daar word onder meer 'n hoofstuk aan Dok Craven gewy wat 'n pragtige stukkie oor sy legendariese hond, Bliksem, insluit.

Die geskiedenis uit toeka se dae word ook interessant toegelig met historiese foto's van hoe Model T Ford-motortjies nog langs die veld geparkeer gestaan het as daar 'n wedstryd was en hoe toeskouers nog "ge-baadjie en ge-das" daarna gaan kyk het.

Hierdie luukse publikasie is beslis een van die mooiste boeke wat nog oor Stellenbosch verskyn het en 'n moet vir elke Matie en MatieAlumni se boekrak.

• *Matieland is Rugbyland 1980 - 2006* kan bestel word by: AFRICAN SUN MeDIA (Edms) Bpk, [www.africansunmedia.co.za](http://www.africansunmedia.co.za) of [www.sun-e-shop.co.za](http://www.sun-e-shop.co.za) of skakel 021 8082401.

## Marina Vermeulen, Clanwilliam:

In September verlede jaar het die Departement Fisioterapie sy 40ste herdenking op Stellenbosch gevier. Ons was net vier studente wat in 1969 afstudeer het en die graad BSc-Fisioterapie ontvang het. Op die foto is ons saam met twee van ons drie dosente (mev Drotskie kon nie die reünie bywoon nie).

Die nuwe kursus BSc.Fisioterapie het 1966 'n aanvang geneem met Moira Runnalls as Hoof en dosent en 14 fisioterapie studente.

In die eerste twee jaar was al die klasse op die US-kampus aangebied. Daardie eerste jaar was 'n baie woelige jaar. Fisioterapieklassie was in die historiese Ou Hoofgebou aangebied. Vandaar moes ons haastig te voet na Coetzenburg vir oefenklasse nl swem, landloop, volksdans, vlugbal en rondte-oefeninge en dan weer terug vir fisika, chemie, soölogie en sielkunde.

Daar was nie sprake van vry periodes gedurende ons hele vier jaar van opleiding nie - intendeel, ons moes ons vakansies opoffer om prakties te doen tydens ons derde en vierde jaar.

In ons tweede jaar was ons net vier studente, want chemie en fisika het sy tol geëis!

Fisioterapieklassie was in 'n klaskamer agter die gebou vir veeartsenykunde in Victoriastraat. Anatomie- en Fisiologieklassie was saam met die arbeidsterapie- en Jokl- (tans Menslikebewegingskunde) studente. Aanvanklik was kinesiologie net as 'n bywoningsvak by Coetzenburg aangebied. Toe ons egter in ons derde en vierde jaar met die werklike praktiese sy van fisioterapie te make het, het ons die waarde van kinesiologie terdeë besef en het aanbeveel dat dit 'n volwaardige vak in die tweede jaar moet wees.

Een maal per week het ons met 'n



Foto: Retha du Rand (née Pretorius), Moira van Oord (née Runnalls) dosent en Hoof van die Departement Fisioterapie; Sheena Irwin-Carruthers, dosent en later Hoof van die Departement; Hannelie van Heerden (née Van Zyl); Wilma Louw (née Engelbrecht) en Marina Vermeulen (née Stephan).


kombi na Karl Bremer-hospitaal gegaan om prakties in o.a. elektroterapie en oefenterapie te doen. 'n Engelsprekende tydelike deeltydse dosent het tydens 'n oefenterapiesessie ons beveel om ons bene in die "asem" op te lig i.p.v. in die lug op te lig!

Ons derde- en vierdejaar was uitsluitlik by Karl Bremer opleidingshospitaal – in 'n opslaan houtgebou agter die hospitaal. Moira Runnalls was die enigste dosent vir die eerste twee jaar – in ons derde jaar het mej Irwin-Carruthers en mev Drotskie as permanente dosente aangesluit.

Ongelooflik soos dit vandag mag klink was die dra van langbroek en jeans (wat te sê nog sweetpakke) in die sestigerjare streng verbode op Stellenbosch.

In die koshuise mag jy langbroek gedra het, maar mag nie daarmee uitgegaan het of aan die eettafel verskyn het nie. Vir ons oefeningklassie het ons spesifieke romps en hemde gedra – dit was die era van die minirok, maar daardie rompie moes 'n spesifieke lengte wees – beslis nie 'n mini nie. Tydens ons derde en vierdejaar moes ons 'n uniform dra – 'n blou rok met sykouse en netjiese skoene – dus moes jy eintlik jou sit, staan en buk langs die pasiënt geken het.

Nou 41 jaar later, staan ons vier nog steeds voltyds in die fisioterapieberoep in ons onderskeie privaatpraktyke.



## Christine Scully, North Shore City, New Zealand

I was delighted to receive the *Matieland* this morning - a most pleasant and unexpected surprise although now my daughter tells me that she had a telephone call from your office earlier this year enquiring as to my address! Detective work indeed.

I have always read the *Matieland* from cover to cover and enjoyed stretching my knowledge of Afrikaans - so please allow me to congratulate you on the interesting format and presentation this year.

Met groete en beste wense en dankie.



## Christel de Wit, Nairobi, Kenia:

**E**k is 'n MatiesAlumna wat al vir 10 jaar lank, saam met my man, David Johnson, 'n film- en televisieskool in Nairobi, Kenia bedryf. Die Filmskool staan bekend as The Mohamed Amin Foundation: MoFORCE Training for Television and Film.

Die skool is uniek in Afrika in die sin dat daar slegs hoogs tegniese opleiding aangebied word in alle vlakke van TV en filmproduksie. Die diploma kursus is 1-3 jaar lank en die tegniese opleiding word meestal op die tersiêrevlak (nagraads), in kamerawerk, beligting, klank, redigering, regie-werk en produksie, aangebied.

Studente wat by die Filmskool afstudeer, werk in TV-joernalistiek, die filmbedryf (Kenia is n gesogte film en advertensiebestemming vir internasionale produksies), verskeie internasionale TV-nuusburo's en baie studente doen vryskut film- en televisiewerk, want Oos-Afrika het n baie sterk diplomatieke en Verenigde Nasies-verteenwoordiging en dus is daar 'n groot aanvraag vir dokumentêre en opleidingsfilms. Ek het aan die US van 1972 – 1974 en weer in 1976 – 1979 studeer en 'n BA-graad, Hoër Diploma in Biblioteekkunde en ook 'n Hoër Onderwysdiploma (HOD) verwerf.

Ek en my man woon in Langata in Nairobi.

Sedert ons in Antarktika in 1994 ontmoet het, doen ons saam televisie- en filmwerk en ons het in 1997 van die Kaap na Nairobi verhuis.

## Dr John Pauw, Hermanus:

**E**k was jare gelede 'n eentalige Engelssprekende Matie. Al my lesings was destyds slegs in Afrikaans. Geen dosent het Engels om my ontwil gebruik nie!

Onderwysers wat Afrikaans op skool doseer, is deesdae moedeloos nadat die Universiteit Stellenbosch die T-opsie van onderrig aanvaar het. Afrikaanse leerders wil as gevolg daarvan nie meer voorkeur aan Afrikaans gee nie omdat Engels die dominante akademiese voertaal geword het.

Die rektor, professor Botman, het laat blyk dat die Universiteit Stellenbosch in die afsienbare toekoms anders gaan lyk. As dit beteken dat daar baie meer bruin studente gaan wees, is dit nie 'n probleem nie.

Ons hoop egter dat dit nie impliseer dat daar baie meer onderrig in Engels sal wees nie. By 'n vorige Konvokasievergadering het 88,2% van die lede gestem dat Afrikaans die enigste voertaal van die voorgraadse studente moet wees en 10,2% daarteen. 2,687 oud-studente wat oorsee woon (45,3% het sedert 1995 hul grade ontvang) het ook daarvoor gestem. Waarom is hierdie stemming deur die owerhede geïgnoreer? Bestaan daar 'n verskuilde agendaa waarvan ons nie weet nie?

Ons as lojale alumni wil graag weet.

(*Dankie vir u skrywe. Vanwee die frekwensie van Matieland kan daar uiteraard nie hier op u navraag gereageer word nie. Terugvoer oor die hersiening van die taalbeleid is gegee by die Konvokasievergadering van 8 November en u word vriendelik versoek om die Universiteit se webblad ([www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za)) dop te hou vir die nuutste terugvoer. Inligting word ook op gerekeld basis aan die media deurgegee. - Red.*)

## Martina (née Pienaar) de Lange, Halfway House

'n Raps langer as vy jaar gelede was ek verheug oor die aanstelling van prof Brink as Rektor en Visekanselier omdat dit hoop gebied het op 'n vars aanslag aan die universiteit. In my tyd (1978-80) was die US ongetwyfeld die mees verligte Afrikaanse universiteit, met prikkelende dosente in verskeie departemente, en studenteorganisasies en gassprekers wat getuig het van 'n lewendige belangstelling in die sake van die dag. Oor die jare het 'n gevoel van ongemak egter by my posgevat as gevolg van 'n oënskynlike verskuiwing na 'n laer-trekmentaliteit.

Hierdie gevoel het omgesit in skaamte by die lees van 'n brief in *Matieland* (ook omtrent vyf jaar gelede) waarin 'n oud-BTKner verslag doen van 'n reünie van die klub. Sy antwoord op sy vrou se beswaar teen die ongasvryheid van die groep het neergekom op die volgende: Jy moet dit maar sluk, want jy het mos nie destyds die regte universiteit gekies nie (!)

Dit was vir my tekenend van 'n onaangename gesindheid: Solank ons groepie 'n warm en selftevrede samesyn geniet, kan die res van die wêreld maar in hulle peetjie vlieg!

Hierdie gesindheid blyk ook uit die argument dat die US maar Afrikaanstalig mag bly omdat al die ander universiteite Engels as voertaal bied. Dat die ander tradisioneel Afrikaanse universiteite die sensitiwiteit gehad het om in te sien dat dit onhoudbaar is om aan te dring op eksklusiwiteit in hierdie tyd, op watter gronde ookal, word in hierdie verwronge argument nou die regverdiging vir ons weiering om die eerbare ding te doen!

Gelukkig het prof Brink aan my verwagtinge voldoen. Sou dit nie wonderlik wees as almal wat 'n emosiegedreve weerstand bied teen verandering aan die US, in die spieël van bogenoemde brief kon kyk en ons weer met trots die voortou kon neem in die trek, hierdie keer na 'n suksesvolle "nuwe" Suid-Afrika!

Wie sou die ware swerwer wees;  
die een wat reis; die een wat lees;  
die enkling op sy slentergang;  
of elkeen wat na iets verlang  
of wie?

Koos du Plessis

Teken in op Wegbreek. En vind uit.

Tel 0860 100 203 Faks 0866 704 101

e-pos: [smart@rsp.co.za](mailto:smart@rsp.co.za) [www.magsathome.co.za](http://www.magsathome.co.za)  
SMS "Wegbreek" na 34007 en ons bel jou. SMS kos R2.

REIS-GUNDEK KOMPAANIE  
**Wegbreek**



# Eendrag weer oop na brand



Foto's: Eendrag webblad

**'n** Verwoestende brand het op 9 Augustus (Vrouedag) die boonste vloer van die Eendrag Manskoshuis in puin gelê. Nadat talle inwoners met net die klere aan hul lywe uit die koshuis kon kom, sou min mense kon glo dat die koshuis in Januarie sou open.

'n Universiteitswyse poging om Eendragters by te staan en met konstruksiewerk te begin,

verseker egter dat dié koshuis sy deure vir 'n nuwe jaar sal kan oopmaak.

Die brand het reeds vroeg dieoggend uitgebreek en vinnig deur die dak van die koshuis versprei. Die Universiteit Stellenbosch Risiko- en Beskermingsdienste (USBD) was vinnig op die toneel met die plaaslike brandweer kort op hul hakke.

Alhoewel die brand daarna betreklik vinnig onder beheer gebring is, het inwoners van die boonste vloer letterlik alles verloor met net 'n selfoon en rekenaar wat hier en daar gered kon word.

'n Roerende toneel het hom afgespeel toe Eendragters ten aanskoue van honderde ander studente, hul huislied op die grasperk voor die koshuis gesing het.

Hierna was dit skouer aan die wiel vir 'n universiteitswyse ondersteuningspoging. 'n Uur na die brand geblus is, het die Universiteit se Gebeurlikheidskomitee reeds vergader.

Teen 10:00 is die eerste vergadering met inwoners gehou en slegs ure later ontvang elke student 'n toelaag van R750 van die Universiteit en was die bal aan die rol om akkommodasie vir alle inwoners te vind aangesien die koshuis nie bewoonbaar tydens die opknappingsproses sou wees nie.

'n Eendragfonds is ook in die lewe geroep wat amper R800 000 opgelewer het en gebruik is om studente finansieel by te staan. Plaaslike besighede het ook talle skenkings gemaak en Stellenbossers het begin inbel om akkommodasie aan te bied.

Prof Tom Park, by tye van die brand die Waarnemende Vice-rector: Onderrig en ook Voorsitter van die Eendrag Gebeurlikheidskomitee, het opgemerk dat "te midde van die onsekerheid en verlies was dit ongelooflik om te sien hoe elkeen van die rolspelers sy of haar plek dadelik vol staan en saamwerk om Eendrag-studente fisies en emosioneel by te staan."

Dosente en die Studenteraad het ook ingespring om studenteveral akademies by te staan. Notas en studiemateriaal is voorsien en daar was ook baie begrip vir toetse wat uitgestel moes word.

Die Afdeling Studentesake het uit talle oorde hulp ontvang en kon binne twee weke vir amper 230 Eendragters verbyf reël: 130 in alternatiewe universiteitshuisvesting en 100 in verskillende privathuisvesting in die dorp nadat Stellenbossers hul huise en harte vir Eendrag-inwoners oopgemaak het.

Die oorsaak van die brand was teen druktyd nog nie bevestig nie en die Eendrag-inwoner wat in die brand beseer is, mnr Izak Potgieter sterk tans aan na 'n spinale operasie en 'n finale prognose is nog nie gemaak nie.



## Hulle is nuwe SR-leiers

**WJ le Roux**, 'n boorling van die Strand en BComm (met Regsvakte)-student, is die nuwe Voorsitter van die Studenteraad. Ná sy hoërskoolloopbaan het hy eers 'n reeks kursusse in informasieteknologie voltooi, waarna hy hom in Londen gevestig en die finansiële sektor betree het. Hier verkry hy 'n aktiewe belangstelling in menslike ontwikkeling en neem sy deelname in openbare belang- en beleidsaangeleenthede toe. Terug in Suid-Afrika voltooi hy 'n BComm-graad, en tans is hy besig met 'n LLB (nagraads). "Die SR se 2007/2008-termyn fokus op kontinuïteit en die uitbou van verhoudings. Ons sal langtermynverhoudings op grond van wedersydse respekte nastreef," sê Le Roux.

**Me Cheri-Leigh Erasmus** van Robertson, 'n M-student in Internasionale Studies, is die nuwe Ondervorsitter. Sy vertel dat haar belangstelling in die politiek nie net tot die keuse van haar kursus en toekomstige loopbaan geleei het nie, maar dat dit ook as katalisator gedien het vir haar betrokkenheid by studentepolitiek. Sy was Voorsitter van die Universiteit se tak van die Verenigde Nasies-vereniging (UNA), en het daarna in die SR as Voor-sitter van die Verenigingsraad gedien. "In die 2007/2008-termyn sal ek graag wil sien dat studente toenemend eienaarskap van hul Studenteraad neem."

## JOOL MAAK STEWIGE R1,23 MILJOEN WINS VIR LIEFDADIGHEID

**J**OOL 2007 is finansieel die suksesvolste jaar nog in die geskiedenis van Maties Jool sedert sy ontstaan in 1954, en spog met 'n wins van R1,23 miljoen. Dit is 'n verbetering van 64% op 2006 se jool.

Volgens die Voorsitter van die Joolkomitee, me Tertia Krause, kan die Universiteit nou met ander universiteite saamgesels. "Alhoewel die wins van Tukkies (UP) en die Pukke (Noordwes-Universiteit) sowat R2,1 miljoen en R1,2 miljoen onderskeidelik is, is daar heelwat meer studente by hierdie instellings. Die Universiteit van Kaapstad het 'n wins van R1,3 miljoen getoon (met 25 000 studente)."

Vir meer inligting oor hoe om by die Universiteit se jool betrokke te raak, skakel die Bestuurder: Matiesjool, me Jill Galliet, by tel 021 808 3632 of per e-pos by [jgalliet@sun.ac.za](mailto:jgalliet@sun.ac.za).

Me Lydia Burger (links), MGD-koördineerder ontvang hier die tjek van die Joolkomitee. By haar is mnr Pieter Kloppers, Bestuurder: Studentehuisvesting; prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier; prof Julian Smith, Viserektor: Personeel-ontwikkeling en Gemeenskapsinteraksie; me Jill Galliet, Bestuurder: Matiesjool; en me Tertia Krause, Voorsitter van die Joolkomitee.



## METANOOIENS sing Bloemfontein aan die brand

**M**etanoia, Stellenbosch se jongste koshuis, het 'n bielie van 'n veer in die hoed. Dié koshuis se vroue-sêrgroep is in Augustus as die nasionale wenner in die vroue-afdeling by die Nasionale Sêrkompetisie in Bloemfontein aangewys.

Die groep van negentien vroue se repertoire het liedjies soos Zombie van The Cranberries en 'n tradisionele Xhosa-lied ingesluit. In die mansafdeling het Hippokrates van Tygerberg ook die harte warm laat klop met 'n stewige derde plek.

Me Sulene Pienaar, wat saam met me Anique Jordaan die groep vir vyf maande laat swoeg het, sê sy het hoendervleis gekry toe hulle by die koshuis aankom en sien hoe die hele koshuis hulle inwag om die oorwinning te vier. "Dit was wonderlik. Ons het so geheg geraak as 'n groep. Ons het gegaan om te wen, maar ook om net pret te hê. Ons was baie nederig – ons het hard gewerk en diep binne geweet ons kan dit doen."

Op Stellenbosch groei die gewildheid van die Sêrkompetisie jaarliks en studente bring selfs 'n nag op die vloer in die Neelsie voor die SR-kantoor deur ten einde kaartjies vir die plaaslike eindronde te bekom, wat vanjaar in die Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum (KIKS) gehou is. Universiteite wat deelneem kies elkeen 'n wenkoshuis in 'n kategorie vir mans en vrouens, wat dan aan die nasionale kompetisie deelneem.

**OP DIE FOTO BO:** Die Metanooiens het hul harte uitgesing by die Nasionale Sêrkompetisie in Bloemfontein. (Foto: Ryk du Plessis, Die Matie)



## Studentegetalle styg steeds

**M**eer en meer Maties kry elke jaar koers Universiteit Stellenbosch (US) toe. In 2007 was die totale getal studente 23 439 teenoor 2006 se 22 659 - 'n stygting van amper 4%.

Afrikaanssprekende studente verteenwoordig vanjaar sowat 57% van alle studente teenoor 59,4% in 2006. Engelssprekende studente maak vanjaar 35% van die studentekorps uit.

Die 16 528 wit studente maak 70,5% van alle studente uit, terwyl bruin studente sowat 14,7% en swart studente 12,8% verteenwoordig.

Altesaam 14 974 studente, oftewel 64%, kom van die Wes-Kaap, terwyl buitelandse studente amper 8% van alle studente verteenwoordig.

Die grootste fakulteit is nog steeds die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, met 7 057 studente. Vroue maak 'n rapsie meer as die helfte (51,2%) van alle US-studente uit.

In Junie 2007 het die US 2 397 permanent aangestelde personeellede gehad, wat in 786 akademiese personeel, 1 302 administratiewe of tegniese personeel en 309 dienswerkers onderverdeel word. Wat betref die personeelkorps, is 63,3% wit, 32,8% en 3,2% swart. Meer as die helfte, naamlik 51,1%, van die personeellede is vroue.

STELLENBOSCH

ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY


**EENDRACHT**

★★★

STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID

*In historiese kern.  
Stapafstand van byna alles!*

161 Dorp St, Stellenbosch      South Africa, 7600  
T: 27 (0)21 883 8843      E: 27 (0)21 883 8842  
SMS Reservation Enquiries only on 084 6845942  
[info@eendracht-hotel.com](mailto:info@eendracht-hotel.com) • [www.eendracht-hotel.com](http://www.eendracht-hotel.com)



# US-personeellid help met gebaretaalprojek

'n Gehoorgestremde argitektoniese tekenaar van Fasiliteitsbestuur, mnr Bennie Botha, was vanjaar 'n waardevolle skakel in navorsing oor gerekenariseerde gebaretaal.

Jan Bungeroth, 'n besoekende doktorale student in rekenaarwetenskap van die RWTH Aachen Universiteit in Duitsland, werk aan 'n korpus van sinne oor lughaweverwante inligting in Suid-Afrikaanse gebaretaal. Dit bestaan uit 'n stel Engelse sinne as bronstaal en gebaretaal as doelstaal. Sy werk sluit aan by die Suid-Afrikaanse Gebaretaal-projek waarby rekenaarwetenskaplike dr Lynette van Zijl en haar studente van die Departement Wiskundige Wetenskappe reeds geruime tyd betrokke is.

Jan het Bennie se handbewegings en gesigsuitdrukkings op video vasgevang terwyl hy spesifieke sinne wat gereeld oor 'n lughawe se interkomstelsel gehoor word, in gebaretaal wys. Bennie het ook gehelp met grammatika en taalstruktuur. Daardeur kon Jan bepaal of sy Duitse vertaalprogram met inligting oor weerstoestande ook bruikbaar is vir die gebaretaalweergawes van ander lande.

Jan ontwikkel tans 'n rekenaarprogram wat ingevoerde sinne na gebaretaal vertaal en dit dan deur 'n gerekenariseerde figuur (of "avatar") vertoon.

Wanneer dit afgehandel is, kan die gerekenariseerde gebaretaalprojek kommunikasie tussen gehoorgestremde en horende mense in ondubbelzinnige situasies, soos op lughawens en treinstasies, verbeter.



Rekenaarwetenskaplike dr Lynette van Zijl en Jan Bungeroth aan die gesels in Bennie Botha se kantoor by Fasiliteitsbestuur. (Foto: Engela Duvenage)



## TEOLOGIE GAAN 2009 'N GROOT FEESJAAR MAAK

Op 1 November 1859 is die pragtige gebou aan die bopunt van Dorpstraat in Stellenbosch as 'n teologiese seminarium, oftewel 'n kweekskool vir die opleiding van predikante, in gebruik geneem. Die gebou is tans die tuiste van die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch.

"Hoewel die Seminarium hoofsaaklik die opleiding van predikante vir die NG Kerk ten doel gehad het, is van die oudste foto's teen die mure van die gebou stille getuies daarvan dat studente uit ander denominasies en rassegroepes van die begin af ook in die Seminarium opgelei is," vertel prof Elna Mouton, Dekaan van die Fakulteit.

Die instelling, wat ook bekhou word as die moeder van die Universiteit, sal op 1 November 2009 'n volle 150 jaar oud wees en beplan om 2009 'n besondere feesjaar te maak. As tema vir 2009 is besluit op Teologie Stellenbosch 150+. "Met hierdie tema wil ons graag die afgelope 150 jaar in dankbare herinnering roep en terselfdertyd ook onomwonde 'n openheid na die toekoms verklaar," sê prof Mouton.

'n Mini-teologiekonferensie, deurlopende lesingreeks, publikasies, feesgeleenthede en 'n groot internasionale teologiekonferensie maak deel uit van die feesvieringe. Die aanbreek van November 2009 sal 'n besondere hoogtepunt wees - op 1 November 150 jaar gelede is die Teologiese Seminarium feestelik in gebruik geneem. In 2009 val 1 November op 'n Sondag, en planne word nou al bedink om die geleenthed op 'n gepaste wyse te vier.

• Skakel Marieke Brand by tel 021 808 2142 of per e-pos by mariekeb@sun.ac.za vir meer inligting.

**D**ie Ou Bloemhofgebou in Ryneveldstraat, eens die tuiste van die Hoë Meisieskool Bloemhof, het in 2007 sy eeufees gevier.

Dié statige gebou is in 1907 voltooi en gebou in 'n Vlaamse Renaissance-styl wat deel gevorm het van die Renaissance-herlewning wat in die tweede helfte van die 19de eeu wêreldwyd gewild was. Dit is oorspronklik van donkerrooi bakstene gebou, en is in die opknappingsproses in 1991 met 'n ooreenstemmende kleur geverf.

Vandag huisves die gebou die Eben Döngessentrum, wat die hoofkantoor is van die Universiteitsmuseum wat uit die Sasol Kunsmuseum (in die gebou self) en die US Kunsgalerie in Dorpstraat bestaan.

Die Kunsmuseum is die tuiste van die Universiteit se kunsversameling en spog met meer as 3 000 werke van plaaslike en internasionale kunstenaars, Africana en artefakte in die kultureel belangrike antropologie-afdeling.

Hoëskool Bloemhof het die gebou tot 1960 gebruik, waarna dit tot 1986 'n laerskool was. Die gebou is twintig jaar gelede deur die Universiteit gekoop en met 'n skenking van Sasol tot sy huidige glorie gerestoureer.

Die Eeupees is onder meer met 'n uitstalling, Boemhofgebou in konteks, gevier wat deur die kultuurhistorikus dr Matilda Burden beplan, nagevors en uitgebeeld word.



'n Volhoubare Stellenbosch. Die ondertekenaars van die Memorandum van Verstandhouding, prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, en Raadsheer Lauretta Maree, Uitvoerende Burgemeester van Stellenbosch. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

"'n Volhoubare dorp waar ons saam kan dink en saam kan beplan," is hoe die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer me Lauretta Maree, 'n unieke Memorandum van Verstandhouding beskryf wat die Universiteit Stellenbosch (US) vroeër vanjaar met Stellenbosch Municipality gesluit het.

Die US-Rektor, prof Russel Botman, het die memorandum om Stellenbosch as 'n volhoubare universiteitsdorp 'n stiewige hupstoot te gee, namens die US onderteken. "Ten einde 'n geïntegreerde gemeenskap in hierdie dorp te word, moet die Municipality en die Universiteit die katalisator wees om mense te laat dink en te laat debatteer oor hoe ons te werk moet gaan om 'n beter toekoms te bou," het me Maree gesê.

Ses formele werkgroepe is reeds op die been gebring om onder meer onderzoek in te stel na die beter bestuur van studentehuise op die dorp vir die optimale benutting van die geleenthede wat die Sokkerwêreldbeker 2010 vir die dorp meebring.

Prof Botman het gesê dat die twee instansies 'n formidabele kennisbasis deel, hoë vlakke van kundigheid en vaardigheid het, asook die entoesiasme om as't ware 'n bloudruk van sosiale rekonstruksie op plaaslike en streeksvlak te skep wat 'n voorbeeld vir die res van die land kan wees.



*Could that be me? A special exhibition of photos and memorabilia of Lückhoff was prepared for the event and will later on be housed in a boutique museum at the school. Here are Ms Monanana Mminele, Vice-Head of Metanoia Residence; Ms Sienie Gordan of Idas Valley in Stellenbosch and Ms Maureen Jansen of Highbury in Kuilsrivier. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)*


## Reenen du Plessis ontvang gesogte toekennings

Mnr Reenen du Plessis, Senior-Direkteur: Fasiliteitsbestuur en voormalige President van die Higher Education Facilities Management Association of Southern Africa (HEFMA), het 'n internasionale gesogte toekening van APPA, 'n fasiliteitbestuursvereniging vir universiteite in die VSA, Kanada en Singapoer, ontvang. Die toekening, die Serving Educational Facilities Management-presidents-toekennings, is in Baltimore, VSA, aan hom oorhandig op grond van sy bydrae tot 'n internasionale samewerkingsooreenkoms tussen die twee verenigings.

Dit is die eerste keer dat iemand uit Afrika die toekening ontvang. "Ek was heeltemal uit die veld geslaan. Dit is 'n besondere eer om hierdie internasionale toekening te kry van 'n persoon soos Chris Ahoy [die president van APPA], wat wêrelbekendheid verwerf het op die gebied van fasiliteitsbestuur," sê Reenen.

Die samewerkingsooreenkoms sal onder meer die Universiteit se Afdeling Fasiliteitsbestuur toegang gee tot soortgelyke afdelings by tersiêre inrigtings in die VSA, Kanada en Singapoer, asook tot professionele persone in die fasiliteitsbestuurberoep.

"Ons sal nou ook onmiddellik kan uitvind wat internasionaal nuut is, netwerke gebruik om probleme op te los en met inrigtings regoor die wêreld kan konsuleer wat soortgelyke uitdagings as die US het," vertel Reenen.



## OLD LÜCKHOFF SCHOOL REDEDICATED

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, rededicated the old Lückhoff School Building in Banhoek Road to its original owners, the people of the "Vlakte", in October this year. The school had to be evacuated in the 1960's after the area was declared a white area in the Group Areas Act.

As a beacon of reconciliation, hope and healing, the school is "entering a new era dedicated to the upliftment and service of the broader Stellenbosch community," Prof Botman said.

"I want to reiterate that no apology can take away this pain.

But this school building, and everything it stands for, drew people together with a magnetic force and became a catalyst for reconciliation and hope."

The school building currently houses the Division for Community Interaction of the University and several other community oriented organisations.

The plan is for a variety of organisations that meet a whole range of community needs and also tie in with the capacity, research and teaching needs of the University eventually to be housed here.

# Takseer hom op sy onderbaadjie

deur Theunis Strydom

“My pa het vir my genoeg geld gegee om vir die eerste kwartaal op Stellenbosch te betaal en van daar af moes ek self sorg.”

Johan Stemmet ruil toe note vir note. En uit die dinees en danse waar sy studente-orkes opgetree het, het hy meer as genoeg verdien om vir sy studie te betaal. “Ek dink ons naam was sommer die Johan Stemmet Band,” sê hy met daardie halwe glimlag wat ‘n mens al op die televisie leer ken het. Johan dra ‘n denimbroek en ‘n gholfhemd waar ons in die tuin van ‘n koffieplek in Linden sit. Hy lag toe ek vra waar sy bont onderbaadjie is.

“Ek is ‘n entertainer, ek lyk nie noodwendig dieselfde op straat as in die ateljee nie,” sê hy, “en deesdae is dit nie meer onderbaadjies nie, ek dra nou pakke.”

Die dertigste seisoen van *Noot vir Noot* is onlangs opgeneem.

Die musiekspeletjieprogram het die afgelope dekade en ‘n half van Johan Stemmet een van die bekendste stemme en gesigte in die land gemaak, maar hy is ‘n veteraan wat al vir 27 jaar aaneenlopend op die kassie is. “Net Riaan [Cruywagen] is al langer as ek daar, maar dis omdat hy in 1842 begin het,” lag hy.

Lank voor *Teletreffers en Noot vir Noot* was Johan ‘n Matie wat soms by die Hangbrug



parkeer het om sy kar te was en by tye by Intervarsitys klavier gespeel het.

Hy het in sy eerste jaar in Huis Slabbert oorkant Huis van Riebeeck gewoon – “daar naby die Botaniese Tuine”. Later het hy in ‘n kothuis by die Devon Valley-hotel, waar hy ook opgetree het, gaan bly.

Dit het soms rof gegaan om by sy kursus uit te kom, veral as hy in die “studentehole” soos Tollies of De Akker gespeel het. “Ek het van so sewe-uur tot twaalfuur saans musiek gemaak en dan van twaalf tot drie gaan swot.” Hy het darem sy BA-graad in drie jaar afgehandel en het ook ‘n hoëronderwysdiploma voltooi.

‘n Paar van die fyner kunsies van Matiewees het gehelp. Johan het by Danie Craven klas gehad – Sportadministrasie. Hy en sy klasmaats het geweet hoe om Doc te benader. “Een van ons het so aan die begin van die klas gevra wat Doc van die naweek se wedstryde dink, dan praat hy die hele periode lank rugby.”

Dit het heel semester so aangehou, hy het selfs ook gevra wat Craven van Gertjie Brynard – Johan se neef en Springbok- en WP-vleuel – dink en dan raak Craven opnuut aan die praat.

Toe die eksamen nader kom, het die klas nog niks van die voorgeskrewe werk behandel nie, vertel Johan. “Doc Craven het op ‘n dag, toe ons wil weet wat ons in die eksamen kan verwag, vir ons ‘die rol van ‘n sportadministrator’ gedikteer,” en dit was dit.

Johan, wat ‘n voorliefde vir tale het, het ook by DJ Opperman klas geloop. “Hy het altyd so kop onderstebo voor die swartbord geloop en praat,” vertel hy.

Ná die HOD is Johan Ikeys toe vir ‘n BED-graad, en daarna het hy by die Hoë Seunskool Rondebosch skoolgehou in die vak Afrikaans as eerste taal. “Ek het baie daarvan gehou om onderwyser te wees en was selfs van plan om later skoolhoof te word.”

Oor naweke het hy steeds sy passie vir musiek uitgeleef. In 1973 het hy sy eerste plaat opgeneem en daarna het hy al hoe meer en wyer begin optree.

‘n Simposium by die SAUK in Johannesburg het sy lewe in ‘n ander rigting gestuur. Dit was vroeg in die 1980’s en die Afrikaanse luisterliedjie-beweging was ‘n nuwe verskynsel. Televisie in Suid-Afrika was ook nog in sy kinderskoene.

“Dit is vreemd hoe ‘n eenvoudige ding jou lewe kan verander,” sê hy. ‘n Hysbakteur was vir Johan daardie eenvoudige ding. By die werksessie in die SAUK-gebou het hy van sy musiek voorgedra en was ná sy optrede op pad om te gaan slaap, toe hy net-net te laat was vir die hysbakteur wat hom na die grondvloer moes

neem. Dit was ‘n rukkie voor die volgende kans en hy besluit toe om gou die badkamer te besoek. Daar loop hy die bestuurder van die destydse TV 1 raak. Dié sê toe vir hom hy het die optrede geniet en as Johan ooit aan ‘n loopbaan in TV dink, moet hy vir hom ‘n brief skryf.

‘n Paar maande later het hy langverlof by die skool geneem en is hy Johannesburg toe om te sien of hy van die werk as musiekregisseur by die SAUK sal hou. Die langverlof het toe ‘n loopbaan geword.

Programme soos *My land my lied* en *Treffers van toeka tot nou* het die lig gesien en Johan het later ook *Platepraatjies* en *Debuut* vervaardig en aangebied. “Debuut was die eerste *Idols*,” sê hy so tussen twee happe van sy suurlemoen-skuumtert deur.

In 1989 het hy en sy kollega en vriend, Johan van Rensburg, die man van die Musiekfabriek, Stemburg Televisie gestig. Dit is uit hierdie produksiemaatskappy dat die *Noot vir Noot*-idee gebore is. Hulle groot kans het gekom toe die boereorkeskompotisie die een jaar laat geloop het. Hulle het ‘n


“demo-program op ‘n stel van Mechano opgeneem” en ‘n eerste reeks van 13 episodes is goedgekeur. Vandaar het die gewilde speletjieprogram net gegroeи, en deesdae is *Noot vir Noot* steeds onder SABC 2 se vyf gewildste programme.

En tussendeur het Johan aan ‘n sangloopbaan gebou en meer as tien albums die lig laat sien.

Johan Stemmet is ‘n huishoudelike naam en gooi ‘n lang skaduwee in die Suid-Afrikaanse vermaakklikheidsbedryf. Tog sê hy ‘n mens moet jouself nie te ernstig opneem nie en lag lekker saam oor Casper de Vries se humoristiese sketse.

“Ek is nie besig met ‘n ding wat die wêreld gaan verander nie – dis ‘n gameshow.”

Tog het sy gameshow miljoene Suid-Afrikaanse gesinne se Vrydag- en Saterdagaande verander, dit opgekikkert met ‘n bietjie pret, ‘n paar musiekfeite, ‘n hele klomp liedjies en ‘n onderbaadjie – al is dit deesdae ‘n spoggerige baadjie.



Van bo na onder:

*Op die Noot vir Noot-stel in die dae van bont hemde*  
*Johan se groot passie is gyrocopters. Hy en ‘n paar vriende vlieg elke jaar érens heen – selfs in Afrika in.*  
*Johan se orkes op Stellenbosch in sy tweede jaar. Hulle het op al wat ‘n studentedans was gespeel.*  
*Hard aan’t oefen vir die jaarlike Intervarsity teen die Ikeys.*  
*Rikus van Rooy, ‘n MatiesAlumnus, het reeks 29 gewen. By hom is die gewilde sangeres Juanita du Plessis.*

**Johan Stemmet**, well-known presenter of the TV music game show, *Noot vir Noot*, is featured in this article. He is a MatiesAlumnus who studied languages at Stellenbosch University. Read the article online in English at [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net)



*Innovative support systems form a strong backbone of the academic success of students (Photo: SSFD)*

# Innovative support systems add to academic success

There is concern about the quality of Higher Education as evident in recent press reports of many students leaving the higher education system without a qualification. People are questioning the value of higher education - especially at university level. How does Stellenbosch University live up to its motto of "Your knowledge partner"? **Dr Antoinette van der Merwe**, the Deputy Director of the Centre for Teaching and Learning, says there are a number of reasons why Stellenbosch is a preferred choice for tertiary study and that innovative support systems form a strong backbone of the academic success of students.

**S**tellenbosch University outperforms many other universities in its overall pass rate of 80% compared to the national average of 75%. This success rate can, amongst other things, be attributed to top academics - both in terms of their research output and in terms of their commitment to teaching and learning. Moving beyond statistics and the commitment of lecturers, one might ask what other mechanisms are in place to support teaching and learning. How does Stellenbosch University fulfil its vision of excellence in Teaching and Learning?


## Active support

Behind every successful student you will find a committed lecturer, believes Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching. "At Stellenbosch we endeavour to first of all invest in our lecturers. We actively support and reward those lecturers who teach well, use innovative ways to engage students in the learning process and do research to improve teaching practice."

Examples of how the University supports the lecturers' commitment to research and innovation of their teaching practice are plenty. Some 42 projects focused on teaching innovation and research were funded from 2005-2007 by the University's Fund for Innovation and Research in Teaching and Learning; more than 100 lecturers participated in the first annual Scholarship of Teaching and Learning conference in 2006; the University received a grant from the HEQC (Higher Education Quality Committee) in 2006 to research effective teaching in large classes; and the Division for Community Interaction supports various community interaction projects as part of the curriculum to ensure that, where appropriate, students receive the relevant preparation for their future profession.

"The University also shows its commitment to teaching and learning by means of the annual Rector's Awards for Teaching Excellence," Prof Fourie added.

Apart from a committed crew, you need to have the right set of support systems in place for students,



says Dr Ludolph Botha, Senior Director: Academic Support. "The University made a strategic decision to actively and extensively support each and every student in which ever way possible. One student that falls out of the system, is one too many."

A prime example of support offered to students is the University's First-year Academy (FYA), that is focused on first-year success - the first of its kind in Southern Africa.

"Stellenbosch University has been following a pro-active approach to the success of first-year students for a number of years. This support has grown into a coordinated initiative in 2006 when the University's top management decided to establish the FYA.

Research has shown that students are at their most vulnerable in their first year and, if they could be reached before it is too late, their chances of success increase dramatically," Dr Brenda Leibowitz, Director: Centre for Teaching and Learning said.

Student success is affected by a multitude of variables and the FYA follows a holistic approach to all aspects of the student's living and learning environment. Some of the 2007 initiatives included early assessment, feedback and support; an online early support questionnaire with personalised feedback; the continuation of faculty-specific tutorial programmes and a central tutor-mentor programme; ResEd (an initiative that aims to transform campus residences into an improved academic learning environment); and a highly successful DVD with study skills in Afrikaans, English and isiXhosa.

A combination of portals targeted at prospective students ([www.maties.com](http://www.maties.com)), current students ([www.mymaties.com](http://www.mymaties.com)), alumni ([www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net)) and staff, provide the technological support for the University's pro-active approach. This combination of portals is often referred to as a "student pipeline", says Mr Ralph Pina, Director: eBusiness at IT,

responsible for the portals. "The portals have mechanisms to track the student even before he or she sets foot on campus - in other words from prospective student right through to alumnus."

### Early warning system

"An interesting fact of the academic progress of first-year students is that very often they only realise they are in trouble when it is too late," comments Dr Alten du Plessis, the Chief Coordinator: Tracking System.

"In addressing this challenge registered students are tracked academically from the very first few weeks on campus through an 'early warning and

tracking system'. Those students running the risk of academic derailment can then be notified in time that they should consider using the available support services," he said.

Services include, amongst others, advice to prospective students by the Centre for Prospective Students, psycho-social support and career guidance provided by the Centre for Student Counselling and Development, as well as language support and writing assistance by the Language Centre. This is all done to get students back on track in their quest for academic success. The services are however not limited to first-year students and those who are struggling academically, but to all students as the general well-being of students are of paramount importance to the University.

### A student-centred learning and teaching environment

According to Prof Fourie, the University not only provides support systems for students, but also has a vision for creating a campus environment conducive to student learning - a process described as central to the teaching process. It furthermore serves as a point of departure for how the University organises all learning and teaching as well as other student activities.

"In simple terms," she said, "it means that learning

encapsulates not only what happens in class, but the way in which the total University experience contributes to the success of the student."

"A student-centred university education," she added, "also means that the traditional 'transferring knowledge' approach has to make way for teaching activities that facilitate learning and the focus is on the nature, quantity and quality of learning that takes place. All students should be given every opportunity to achieve their full potential. In the end, we don't prepare students for a job. We prepare them for life - a life of learning."

### Cutting edge technology

Within a student-centred learning and teaching environment, providing state-of-the-art technology is crucial. All the more so working with students who are often referred to as "digital natives" - the generation that grew up with technology and who expect to also use it in their learning activities.

Stellenbosch University not only boasts one of the best technological infrastructures in higher education in South Africa with computer user areas in each faculty and network and Internet connections in all residence rooms, but lecturers extensively utilise an institutional web-based learning management system and subject-specific software in undergraduate modules.

Stellenbosch University has been using its web-based learning management system (LMS) for the past ten years and was the first university in Africa to launch the enterprise version of the LMS in 2005.

The University thus endeavours to equip students with the necessary skills to deal with all the technological challenges they will face in future employment.

The University's commitment to cutting edge technology also unfolds in some 2 000 postgraduate students who are able to study via satellite based interactive telematic platforms. (See the article on p14 for more information on developments in this regard.)

Is Stellenbosch University still 'Your knowledge partner' and should it be regarded as a first choice for teaching and learning excellence? "A resounding yes," says Dr Botha. "Students who make Stellenbosch their home are making a sound investment in their future. The facts are there to prove it." ■

**Hierdie artikel is  
in Afrikaans beskikbaar op  
[www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net)**

# Interaktiewe TV word toenemend kennisvennoot vir nagraadse studente

Die Universiteit Stellenbosch (US) word toenemend beskou as die land se voorste gebruiker en ontwikkelaar van telematiese leer - die benutting van satelliettegnologie om sinchroniese interaksie tussen dosente en studente moontlik te maak. Onlosmaaklik deel van die institusionele visie is die missie van ITO om die Universiteit Stellenbosch meer toeganklik vir 'n geografies verspreide studentebevolking te maak. Interaktiewe telematiese onderwys aan die Universiteit Stellenbosch maak daarom 'n wesenlike deel van die Universiteit se kernfokus uit.

**D**ie Afdeling Interaktiewe Telematiese Onderwys (ITO), saam met akademiese departemente, bedien tans bykans 1 600 nagraadse studente met sowat 400 uur wat in 2007 vanuit die Stellenbosch-ateljee na 28 klaskamers landwyd uitgesaai is. Dosente van die Universiteit bied hulle lesings vanuit die ateljee op Stellenbosch aan. Die nagraadse studente wat in die onderskeie klaskamers in byna alle dele van die land sit, kan die dosent op 'n televisieskerm sien en ook met die dosent intyds verbaal kommunikeer. Die studente in al die klaskamers kan die gesprek tussen die dosent en deelnemende student volg en ook aktief daaranaan deelneem. Hierdie tegnologie-ondersteunde interaksie oorbrug afstand en dra by tot hoëkwaliteit onderrig en leer.

"Sedert 2000 het meer as 2 200 studente nagraadse kwalifikasies, waaronder 251 magistergrade, aan die Universiteit verwerf wat deur telematiese onderwys ondersteun is," sê prof Tom Park, Koördineerder: Telematiese Onderwys.

"n Belangrike doel is om dit vir nagraadse studente moontlik te maak om deur middel van die Universiteit se virtuele kampus bekostigbaar aan gehalte akademiese programme aan 'n voorste Suid-Afrikaanse universiteit deel te neem. Daarom het ons besluit om



Die ITO beskik oor goed toegeruste ateljeeë, maar beplan ook reeds om die tegnologie wat vir satellietgebaseerde interaktiewe telematiese onderwys gebruik word, oor die volgende paar maande op te gradeer. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

die tegnologie wat vir satellietgebaseerde interaktiewe telematiese onderwys gebruik word, oor die volgende paar maande aansienlik op te gradeer. Dit sluit in verskeie opwindende en gebruikersvriendelike tegnologieë, byvoorbeeld selffoon- en knapkaart-tegnologie, wat in die ITO-klaskamers geïnstalleer word, en die oprigting van twee bykomende ateljeeë op ander Stellenbosse-kampusse wat aan die hoofkampusateljee gekoppel sal word."

Volgens prof Park gee telematiese onderwys gestalte aan die US se Visie 2012, wat dit onder meer ten doel stel om tot die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele vermoë van Afrika by te dra.

"Dit bly ook nie net by woorde nie, aangesien daar tans met verskeie universiteite in ander Afrikalande gesprekke gevoer word om kennisvennootskappe op die telematiese platform te vestig," sê prof Park. Hopelik sal hierdie projek Stellenbosch uiteindelik toegang tot die res van ons kontinent bied en sodoende ons Universiteit 'n belangrike kennisvennoot op die vasteland maak.

"Nuwe tegnologie, wat programme vanuit ons ateljee na studente se persoonlike rekenaars of televisiestelle uitsaai, is ook reeds suksesvol getoets." Dit ontsluit opwindende nuwe leergeleenthede vir studente in afgeleë dele van ons land wat eenvoudig te ver is om

uit die bestaande klaskamers voordeel te trek.

Verder maak privaat maatskappye toenemend op die Universiteit se telematiese fasiliteite staan om kostedoeltreffende en doelmatige kommunikasienetwerke in hulle onderskeie omgewings op die been te bring. In 2007 is byna 100 uur uitsendingstyd vir hierdie doel aangewend. "ITO word hierdeur ook 'n daadwerklike rolspeler in die ontwikkeling van die nuwe, opkomende Suid-Afrikaanse samelewing," het prof Park gesê.

'n Interessante verwikkeling is die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) se gebruik van Stellenbosch se interaktiewe telematiese tegnologie om hul programme aan ongeveer 30 000 voorgraadse studente uit te saai. Hierdie sinergie-vennootskap met UNISA bied Stellenbosch die byvoordeel van toegang tot 'n aantal UNISA-klaskamers regoor die land in gebiede wat die US andersins nooit sou kon bereik nie.

ITO het ook reeds versoek van oorsese instansies ontvang om van die Universiteit se kortkursusse telematies in die buiteland aan te bied.

Prof Magda Fourie, 'n Vrystater en Kovsie, is Maties se nuwe Viserektor: Onderrig. Sy was tot einde September die Viserektor: Akademiese Beplanning aan die Universiteit van die Vrystaat en het aan die begin van Oktober by die Universiteit Stellenbosch (US) kom nesskop.

"Wonderlik én uitdagend," is hoe sy haar eerste paar weke in haar nuwe pos beskryf. "Ek het nie regtig kans gekry om rustig my voete te vind nie - daarvoor is die uitdagings te veel en te groot. Gelukkig is ek omring deur kundige en ervare kollegas wat my ondersteun en die aanpassing baie makliker maak."

"Dis ook vir my 'n heerlike vooruitsig om meer interaksie met studente te hê aangesien my portefeuille by die Universiteit van die Vrystaat nie 'n groot mate van skakeling met studente behels het nie."

As lid van die bestuurspan sien sy ook daarna uit om 'n leidinggewende bydrae te maak in die opwindende era wat die US nou betree. "Die groot uitdaging is om deur onderrig en leer jongmense toe te rus om 'n konstruktiewe rol in die ontwikkeling van ons land en die Afrikakontinent te speel, en om ook in die internasionale arena te kan meeding. Om hierdie doelwit te bereik, vereis 'n geïntegreerde benadering en goeie samewerking tussen die akademie en steudienste om 'n optimale leeromgewing vir studente te skep. Die totale kampus moet 'n positiewe rol speel in die akademiese sukses van ons studente."

Die pos van Viserektor: Onderrig het aan die begin van 2007 vakant geword toe prof Russel Botman amptelik die tuig as Rektor opgeneem het. Prof Tom Park, die voormalige Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, het tot einde September as Viserektor: Onderrig waargeneem en het intussen 'n nuwe pos, Koördineerder: Telematiese Onderwys, aanvaar (sien artikel op bl 14).

Prof Fourie is Professor in Hoëonderwysstudies en het haar voorgraadse studie in tale en sosiale

wetenskappe voltooí. Haar nagraadse studie was op die gebied van onderwysbestuur. Vir haar doktorsgraad het sy navorsing oor hoëonderwysbestuur en transformasie gedoen.

Sy is 'n kundige op die gebied van hoë onderwys en was betrokke by verskeie nasionale navorsingsprojekte, waaronder navorsing vir die Raad op Hoë Onderwys (RHO) vir die daarstelling van 'n nasionale gehalteverzekeringstelsel vir Suid-Afrikaanse universiteite. Sy is ook 'n ouditeur van die Hoëonderwysgehaltekomitee van die RHO.

In 2003 ontvang sy 'n navorsingstoekenning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir 'n projek oor menslikehulpbronbestuur in hoë onderwys waarby vier instellings en twee en twintig navorsers en nagraadse studente betrokke was.

Prof Fourie is 'n lid van verskeie internasionale en nasionale professionele verenigings, soos die Konsortium vir Hoëonderwysnavorsers (*Consortium of Higher Education Researchers*) en die Europese Vereniging vir Institusionele Navorsing (*European Association for Institutional Research*).

Sy evalueer gereeld manuskripte vir die *South African Journal of Higher Education, Higher Education en Quality in Higher Education*, en was vir drie jaar agtereenvolgens 'n lid van evalueringspanele van die NNS.

Prof Fourie is die skrywer of medeskrywer van 40 navorsingsverslae, bydraes in boeke en nasionale en internasionale vakydskrifte en het 19 referate by internasionale konferensies en 15 referate by nasionale konferensies gelewer - bo en behalwe deelname aan verskeie seminare en werkessessies. Sy is die promotor of medepromotor van drie doktorale en verskeie meestersgraadstudente, en eksterne eksaminator vir verskeie universiteite.

Prof Fourie het reeds verskeie toekennings ontvang, waaronder 'n Universiteit van Oxfordgenootskap (Fellowship) van die *Association of Commonwealth Universities*. Sy is ook in die Raad van Umalusi en die Raad op Hoë Onderwys deur die Minister van Onderwys aangestel.

"Om in hierdie pragtige omgewing te woon en te werk, is 'n geweldige voorreg en inspirasie. Maar 'n Cheetah-ondersteuner sal ek bly!"

# 'N KOVSIE

## is die nuwe Viserektor: Onderrig



(Foto: Anton Jordaan, SSFD)



*Van links na regs:  
Proff Emile van Zyl, Gary  
Stevens, André van der  
Walt, Servaas van der Berg  
en Soraya Seedat.*

## US ontvang nog vyf navorsingsleerstoele

Nog vyf navorsingsleerstoele van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief (oftewel die South African Research Chairs Initiative (SARCHI)) is aan die Universiteit Stellenbosch (US) toegeken. Dit bring die getal leerstoele wat deur navorsers by die Universiteit beklee word op tien te staan.

**D**ie nuwe groep SARCHI-leerstoele is in September deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie, mnr Mosibudi Mangena, bekendgemaak. Die doel van die inisiatief is om hoëvlak-navorsingskapitaal en produksiekapasiteit in die hoëonderwyssektor te kweek.

Volgens prof Piet Steyn, die Waarnemende Senior Direkteur: Navorsing van die US, dien die toekenning van tien navorsingsleerstoele as bewys van die

Universiteit se status as een van die toonaangewende navorsingsgebaseerde universiteite in Suid-Afrika, en stel dit die US in staat om die uitdagende doelwitte van Visie 2012 te bereik.

Die SARCHI-leerstoele sal volgens hom Stellenbosch help om 'n beduidend beter universiteit te word, om die behoeftes van die Universiteit se vennote in die bedryf en regering doeltreffend te dien, en om 'n leidende rolspeler in Afrika te wees.

Die onlangse toekenning volg nadat die Universiteit vroeër vanjaar vier van die eerste 21 SARCHI-leerstoele ontvang het. (Sien Matieland 2007:1 vir inligting hieroor.) 'n Paar maande later is 'n Senior Leerstoel in Energienavorsing: Biobrandstowwe en ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Energienavorsingsinstituut (SANERI) aan prof Emile van Zyl, 'n mikrobioloog by

die Universiteit, toegeken.

SANERI is 'n filiaal van die Sentrale Energiefonds (SEF). Die leerstoel is een van die eerste drie in energienavorsing wat aan toonaangewende Suid-Afrikaanse akademici toegeken is.

Die vyf navorsers verbonde aan die US wat leerstoele ontvang het, is proff Gary Stevens (Leerstoel in Eksperimentele Petrologie); André van der Walt (Leerstoel in Sakereg); Servaas van der Berg (Leerstoel in Ekonomie van Sosiale Beleid); Soraya Seedat (Leerstoel in Post-traumatische Stresssteurnis); en Linus Opara (Leerstoel in Na-oestegnologie). Prof Opara het nog nie 'n finale aanduiding gegee of hy die leerstoel gaan opneem nie.

The University received an additional five SARCHI Research Chairs.

## Biowiskunde ondersteun navorsing oor gesondheid en die omgewing

Die nuwe studierigting, BSc Wiskundige Wetenskappe: Biowiskunde, berei vanaf 2008 wiskundiges voor om binne spanverband navorsingsprobleme in biologie en die mediese wetenskap op te los - van vooruitskatting vir die invloed van MIV/vigs, malaria en tuberkulose tot die effek van klimaatsverandering en landboubeplanning op Suid-Afrika. Dit combineer wiskundige en biologiese vakke, en sal die mees diepliggende kursus van sy soort aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit wees.

**D**ie instelling van hierdie studierigting volg op versoeke vanuit die molekulêre biologie, sisteembiologie, bioinformatika en ekologiese velde vir navorsers met 'n sterk wiskundige agtergrond waarmee hulle presiese modelle vir eksperimentele data kan ontwikkel en ontleed.

"Akkurate statistiek, wiskundige formules en vooruitskattings is noodsaaklik om 'n wetenskaplike basis aan medici en omgewingskundiges se navorsingswerk te gee, asook die beplanningswerk wat binne regeringsverband gedoen word om hierdie kwessies sinvol aan te pak," het prof Ingrid Rewitzky van die Departement Wiskundige Wetenskappe, verduidelik.

Prof Rewitzky glo dié studie-opsie is nommerpas vir studente wat in wiskunde uitblink én ook 'n voorliefde vir biologie het. Dit combineer syfervakke

soos Wiskunde, Biowiskunde (met wiskundige toepassings in biologie en mediese wetenskappe), Toegepaste Wiskunde en Wiskundige Statistiek met Biologie, Biochemie, Genetika, Chemie en Fisika.

It is 'n voedingsbron vir nagraadse studente aan onder meer die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA).

Hierdie Sentrum van Uitnemendheid by die Universiteit Stellenbosch bied nagraadse opleiding in hierdie veld en stel ook ruim beurse beskikbaar.

Farmaseutiese maatskappye, die regering, gesondheidsorganisasies en die landbou- en omgewingsektor is moontlike werkgewers.

Vir meer inligting, skakel prof Rewitzky by 021 8083289 of [rewitzky@sun.ac.za](mailto:rewitzky@sun.ac.za) of besoek <http://math.sun.ac.za>.



The BSc Mathematical Sciences: Focus Biomathematics will be introduced at Stellenbosch University next year. It will train mathematicians to formulate and analyse precise models for experimental data arising from real-life research problems within the fields of biology and medicine – from predicting the influence of HIV and Aids, malaria and tuberculosis to the effects of climate change on South Africa.



# 'n tuiste vir nuwe idees

“n Plek waar nuwe idees en denkwyses ontwikkel sal word en waar navorsers aangemoedig word om bestaande grense oor te steek en die 'onbekende' te verken.” Dít is hoe prof Bernard Lategan, Direkteur van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) die nuwe Wallenberg Navorsingsentrum beskryf.

Die stigting van dié sentrum in Maraisstraat op die historiese Mostertsdrift-plaas is moontlik gemaak deur 'n skenking van R26 miljoen deur Marianne & Marcus Wallenberg-stigting.

Die sentrum is in November amptelik deur prof Mzamo Mangaliso, President van die Nasionale Navorsingstigting, geopen. 'n Gedenkplaat van dr Peter Wallenberg (sien foto), huidige hoof van die Wallenberg-stigting, is ook by die sentrum onthul.

Die sentrum word deur vindingryke argitektoniese ontwerp gekenmerk en kan tot soveel as dertig navorsers op 'n slag in 'n ruim en goed toegeruste

omgewing huisves. Seminaarfasiliteite en tegnologie van die hoogste gehalte vorm ook deel van die sentrum, wat allerweé beskou word as een van die modernste fasiliteite nog wat spesifiek vir gevorderde studie gebou is.

Verdere belangrike argitektoniese oorwegings was ekovriendelikheid en -volhoubaarheid en 'n treffende aansluiting by die bestaande historiese geboue by STIAS - iets waarin die argiteksfirma Biljon en Visser meesterlik geslaag het met die historiese leivoor as 'n sentrale tema. Die aansluiting van oud en nuut vind ook gestalte in die aanplant van 'n wingerd by die sentrum, aangesien die historiese Mostertsdrift ook 'n wynplaas was.

'n Kernelement, sê prof Lategan, is dat navorsers in optimale privaatheid en stilte moet kan werk en navorsing doen, maar ook geleentheid vir interaksie met medenavorsers vir die uitruil van idees moet hê. “Kantore en gemeenskaplike ruimtes is so ingerig dat navorsers ongestoord kan werk, maar as hulle hul kantore vir die gemeenskaplike area verlaat, is daar genoeg kans vir interaksie met mekaar.”

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), het tydens die openingsgeleenthed gesê dat hoewel STIAS 'n onafhanklike instituut is, dit 'n beliggaming is van die kern-elemente van die Universiteit se Visie 2012. “STIAS is 'n sentrum van akademiese en navorsings-uitnemendheid wat betekenisvol gaan bydra tot die wetenskaplike voetspoor in Afrika. Dit weerspieël ook op 'n spesiale manier die ideaal van 'n multikulturele tuiste wat ek vir die US koester. STIAS bevorder op 'n bewustelike en onbewustelike vlak diversiteit in terme van idees, navorsingstradisies, navorsingsparadigmas, kulturele kontekste, leefwêrelde, perspektiewe en ervarings.”

Hy het ook gesê dat STIAS 'n diepsinnige verwoording van geloof in die intellekturele vermoë van ons land en vasteland is sowel as 'n nasionale bate wat die navorsingsprofiel van die Universiteit sal versterk. “Meer as veertig top- internasionale navorsingsgenote het STIAS al besoek en in die proses bande met fakulteite en departemente opgebou.”

STIAS is in 1999 deur die US in die lewe geroep om gevorderde navorsing te bevorder en om baanbreker en vindingryke denke te stimuleer. Dit was van die begin af die bedoeling om die Instituut as 'n nasionale bate te ontwikkel. Gevolglik is daar in 2007 'n artikel-21 Maatskappy gestig waarvan die US 'n stigterslid is en wat van STIAS 'n onafhanklike entiteit met sy eie direksie maak. Die instituut is geskoei op die lees van ander bekende institute vir gevorderde studie soos dié van Princeton, Stanford, Berlyn en Uppsala. STIAS het egter 'n spesifieke fokus op Suid-Afrika en op Afrika as geheel.

Dr Wallenberg, die seun van Marcus en Marianne Wallenberg, het diep wortels in Afrika, waar hy jare lank aan die hoof van een van die Wallenberg-maatskappye gestaan het. Hy het die belangrikheid van 'n fasilitet soos hierdie in Afrika beklemtoon, want “vir ons almal om deel te wees van mōre se ontdekings en deurbraake, moet ons vandag in die ontwikkeling van ons beste breinkrag belê. STIAS is 'n baken van hoop in hierdie verband. Ons het 'n plig om te verseker dat die soek na nuwe kennis steeds voortgaan en dat Afrika sy regmatige rol in hierdie verband speel,” het hy gesê.

Volgens prof Lategan bevorder die instituut interdissiplinêre navorsing en is dit die enigste van sy soort om in beginsel vir alle dissiplines, van die natuur-, biologiese en sosiale tot die geesteswetenskappe, voorsiening te maak.

Vir meer inligting, besoek die instituut se webtuiste by [www.sun.ac.za/stias](http://www.sun.ac.za/stias).

Omvattende Programme	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Uitvoerendebestuursprogram (Bellville)						2 - 13		18 - 29				
Uitvoerendebestuursprogram (Namibië)								21 - 1		22 - 3		
Seniorbestuursontwikkelingsprogram 1 (Bellville)			31 - 4		12 - 16		14 - 18					
Seniorbestuursontwikkelingsprogram 2 (Bellville)								28 - 1	15 - 19		3 - 7	
Seniorbestuursontwikkelingsprogram (Gauteng)						2 - 6	28 - 1	15 - 19				
Seniorbestuursontwikkelingsprogram (Namibië)					19 - 23		14 - 18		8 - 12			
Bestuursontwikkelingsprogram (deeltyds) (Bellville)					19 Feb - 12 Jun							
Bestuursontwikkelingsprogram (afstandonderrig)	30					20						
Bestuursontwikkelingsprogram 1 (Bellville)			3 - 7			2 - 6						
Bestuursontwikkelingsprogram 2 (Bellville)					26 - 30			11 - 15				
Bestuursontwikkelingsprogram 3 (Bellville)									1 - 5	27 - 31		
Bestuursontwikkelingsprogram (Gauteng)					19 - 23		21 - 25					
Bestuursontwikkelingsprogram (KwaZulu-Natal)								18 - 22		6 - 10		
Bestuursontwikkelingsprogram (Namibië)			10 - 14			9 - 13						
Bestuursontwikkelingsprogram (Botswana)			10 - 14			9 - 13						
Nuwebestuurdersonwikkelingsprogram 1 (Bellville)				14 - 18								
Nuwebestuurdersonwikkelingsprogram 2 (Bellville)										13 - 17		
Nuwebestuurdersonwikkelingsprogram (Gauteng)								25 - 29				
Vakspesifieke Programme	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Afrigting vir Prestasiebestuur (Bellville)				21 - 23								
Ontwikkeling van Leierskap en Spansinergie (Bellville)									1 - 4			
Finansiële Bestuur vir Nie-Finansiële Bestuurders 1 (Bellville)			10 - 13									
Finansiële Bestuur vir Nie-Finansiële Bestuurders 2 (Bellville)							14 - 17					
Bestuur van Voortreflike Kliëntediens (Bellville)									9 - 10			
Bestuur van Bemarkingsbates (Bellville)						9 - 11						
MBA-Grondslagprogram 1 (Bellville)	28 - 1											
MBA-Grondslagprogram 2 (Bellville)										24 - 28		
MS Project 1 (Bellville)					23 - 25							1 - 3
MS Project 2 (Bellville)												
Projekbestuur 1 (Bellville)	18 - 22											
Projekbestuur 2 (Bellville)					9 - 13							
Projekbestuur 3 (Bellville)							11 - 15					
Projekbestuur 4 (Bellville)										24 - 28		
Projekbestuur 1 (Pretoria)		10 - 14										
Projekbestuur 2 (Pretoria)									6 - 10			
Projekbestuur 1 (Windhoek)			21 - 25									
Projekbestuur 2 (Windhoek)					26 - 31				20 - 24			
Gevorderde Projekbestuur (Bellville)												
Finansies vir Openbare Sektor (Bellville)							28 - 1	15 - 19		10 - 14		
Strategiese Leierskap vir Menslike Hulpbronne (Gauteng)					5 - 9	21 - 25		1 - 5				
Voorsieningskettingbestuur (Bellville)									17 - 19			
Sertifikaat in Afrigtingspraktyk												
Wynbestuur (Bellville) 2008 / 2009												
Gesondheidstegnologie-Assessering												
Ontleding van China vir Mededingende Voordeel												
Bestuur van SHE(Q)-gebaseerde Risikobestuur (Gauteng)												
Welvaartsbestuur												
Werkwinkels en konferensies	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Vrou + Loopbaan					21 - 22							
Interpersoonlike Intelligenste												
Akademie vir Sakevroue												



# MATIELAND50

Dié bylae in *Matieland* gee 'n kort oorsig van die mense, hoogtepunte, gebeure en interessanthede - al die onthou-jynogs van die afgelope 50 jaar. Dit is saamgestel deur Hans Oosthuizen, *Matieland*-redakteur van 1982 tot 2001. Geniet hierdie gedenkbylae, wat uitgehaal en gehou kan word, ter viering van die 50ste bestaansjaar van *Matieland*.

**D**ie heel eerste *Matieland*-uitgawe in 1957 het voortgebou op *Die Stellenbosche Oudstudent*, wat gedurende 1931 tot 1947 deur die destydse "Oudstudente-Bond" uitgegee is. *Matieland* was ongetwyfeld die geesteskind van prof HB (Quintus) Thom, wat in 1954 as rektor by prof RW (Bobby) Wilcocks oorgeneem het.

In 1955 was Thom die eerste rektor van 'n Afrikaanse universiteit wat 'n Carnegie-toekenning ontvang het vir 'n uitgebreide studiereis deur die VSA, Kanada, Brittanje en enkele Europese lande.

Dié besoek aan Amerika was onder meer die aansporing vir 'n verskerpte poging om gereelde kontak met die groeiende getalle oud-Maties te behou. Betroubare adreslyste was nodig. En dáár-

voor – want goeie kommunikasie is tweerigting! – was 'n skakelblad nodig.

Met fondsinsameling het Thom "die US, maar ook al die Suid-Afrikaanse universiteite, op 'n soortgelyke pad geplaas, aangesien feitlik almal sedertdien soortgelyke insamelings geloods het", het mnr TGD van Schalkwyk, destydse registrateur: finansies, met Thom se afrede in 1969 geskryf.

Mnr Piet Lombard, hoof van die destydse Inligtingsburo vanaf Julie 1957, het in 1967 universiteite in die VSA, Brittanje en Europa besoek en in later jare gesê die US het met fondsinsameling, oudstudenteskakeling en die skakelblad *Matieland* die leiding onder SA universiteite geneem.

Wat hy in 1969 geskryf het, bly steeds waar:

"Afgesien van die finansiële bydrae wat hulle kan lewer, is die oud-studente van 'n universiteit in baie opsigte 'n kosbare bate. Hulle verleen morele steun, dra die universiteit se beeld na buiten toe en gee advies i.v.m. die toekomstige ontwikkeling van die universiteit."

Stellenbosch University took the lead with fund-raising and, in 1957, with the establishment of *Matieland*, the University's periodical for alumni and donors. It was preceded by *Die Stellenbosche Oudstudent*, published by alumni themselves during 1931-'47.

**Behalwe vir wi-fi, selfone, iPods,  
rekenaars, TV's, internet en twee-minuut  
noedels, het niks verander nie.**



Hartlik geluk met die groot verjaardag *Matieland*. In 1957 het Sanlam *Matieland* ondersteun met die plasing van 'n advertensie. Die boodskap was eenvoudig. Vyftig jaar later, ondanks moderne tegnologie en innoverende oplossings, is die boodskap steeds dieselfde: nommerpas, persoonlike diens vir 'n versekerde toekoms. Sanlam. Ons dink vooruit. En jy?



Foto: Anton Jordaan (SSFD)

1: Ernst van Heerden; 2: Koos Oosthuysen  
3: Louis Wessels; 4: Ronnie Belcher



**P**rof Walter Claassen (regs agter) wat onlangs as viserektor: navorsing uitgetree het, was die gasheer vir 'n reünieete ter viering van *Matieland* se halfeeufees. By hom is Martin Viljoen (links agter) wat nou redakteur is, en die vier oudredakteurs wat nog leef. Hulle is (agter) Hans Oosthuizen en (voor van links af) RP (Topper) Conradie, prof Bun Booyens en Douglas Davis.

Booyens, nou 92 jaar oud, was die blad se tweede redakteur, in 1959-'60. Hy is opgevolg deur Conradie (nou 88) wat 14 uitgawes tot einde 1967 behartig het. Davis was redakteur gedurende 1976-'82 en weer in 2002-'03, Oosthuizen in 1982 tot 2001, en Viljoen sedert 2003.

Die ander vier redakteurs was Ernst van Heerden (1957-'58), Koos Oosthuysen (1968-'73), Louis Wessels (1974) en Ronnie Belcher (vier uitgawes in 1975-'76). Die heel eerste uitgawe, April 1957, is uitgegee "onder redaksie van" CR (Christiaan) Kotzé, as hoof van die destydse Inligtingsburo, en dié van April 1960 gesamentlik deur Piet Lombard (hoof) en James Verwey (skakelbeampte) van dié buro.

*Matieland* se stigter-redakteur, Ernst Van Heerden, was 'n gewigoptelkampioen; US-dosent in opvoedkunde; later professor in Afrikaans en Nederlands by Wits; en ontvanger van onder meer die Hertzogprys vir poësie asook vier eredoktors-grade.

Booyens was sedert 1961 'n geskiedenisdosent, later hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeschiedenis, 17 jaar inwonende hoof van Eendrag en onder meer die Konvokasie se president. Conradie was vanaf 1968 tot sy aftrede in 1984 die registeraat (akademies) - destyds 'n baie hoë pos, direk onder die rektor voordat die eerste viserektor in 1975 aangestel is.


# VYF DEKADES GEVIER

Koos Oosthuysen was persoonlike assistent van US-rektore proff HB Thom, Jannie de Villiers en Mike de Vries - en as deel van dié pos tot 1973 ook *Matieland* se redakteur. Ná sy aftrede in 1982 is hy as persoonlike assistent van die rektor opgevolg deur Douglas Davis, wat in dié pos was tot 1989, waarna hy terug is na die destydse Afdeling Openbare Betrekkinge en onder meer Kampusnuus, die US-personeelblad, se stigter-redakteur was.

Nadat *Matieland* in 1974 met 'n groter begroting van die rektorskantoor af na die destydse Departement Ontwikkeling geskuif is, het Wessels gesorg vir 'n moderner uitleg en kleurbuiteblad. In 1975 het hy die US verlaat om redakteur van 'n sporttydskrif te word.

Belcher, wat 18 digbundels gepubliseer het, was dosent in Afrikaans by UWK en in Durban, asook professor en departementshoof by die Universiteit van Bophuthatswana (nou Noordwes).

The present editor of *Matieland* and four of his predecessors could celebrate the publication's 50th anniversary this year. The other four *Matieland* editors since 1957 have passed away. They included the first editor, Ernst van Heerden, who became a celebrated poet.



## NEW, OLD AND RESTORED

**B**uilding site of the underground JS Gericke Library, described in *Matieland* (1984) as the "new heart of the campus." Since 1957 *Matieland* has reported on dozens of new University buildings on the main campus, Tygerberg and Bellville Park - as well as many old ones, some with great historical value and dating back to the 1800's, that have been carefully restored and refurbished.



## SPUTNIK AND SUNSAT

**T**hose who were around in 1957 may remember it as the year when Russia beat America in the space race - by launching Sputnik, the first ever satellite from earth. The alumni magazine *Matieland* ("launched" earlier that same year, 1957!) reported in 1999 on the Southern Hemisphere's first satellite into space: Sunsat, the Stellenbosch University Satellite that had been built during the previous seven years at the University's engineering faculty. This picture shows members of the Sunsat team from Stellenbosch with Sunsat (left, above them) fixed to the launch-vehicle at the Vandenberg air force base in California. This was one of numerous articles on research that have been published in *Matieland* over the last half-century.

## DRAMA, MUSIC AND ART



**1** *Matieland* front cover, December 1966, showing the HB Thom Theatre and Drama Department building, completed earlier that year - and still an important landmark on campus more than four decades later.

- 2** The Conservatoire complex, inaugurated in 1978. It houses two concert halls, including "the Endler" with its magnificent concert organ.
- 3** A donation by Sasol enabled the University to restore this graceful old girls' school building on campus in 1991. It houses the University Museum and Sasol Art Museum. The building dates back to 1907. In 2004 a similar building, a former boys' school dating back to the same period, was extensively restored to house the vibrant Visual Arts Department.

## MODES EN HERINNERINGE



In 1992 het dié drie oud-Maties hul gestreepte Matiebaadjies uit toeka se jare afgestof vir 'n reünie op Oudtshoorn - een van die baie reüniefoto's wat deur die jare in *Matieland* verskyn het. Prof Mike de Vries (middel) het as Rektor en Visekanselier dié reünie bygewoon.

## LEIERS DEUR VYF DEKADES




- 1** Prof HB Thom, wat Rektor was van 1954 tot 1969 en in 1993 Kanselier geword het, maar aan die einde van daardie jaar oorlede is.
- 2** Prof Jannie de Villiers, wat van Januarie 1970 tot in 1979 Rektor was. Onder sy sterk leiding - maar nie sonder sterk teenstand nie - was die Universiteit in 1978 die eerste Afrikaanse universiteit wat, steeds met bepaalde beperkings, vir nie-wit studente oopgestel is. Oudstudentesentemente het meegebring dat dit nie destyds in *Matieland* vermeld is nie.
- 3** Sakeleier dr Jan van der Horst (links) as Kanselier toe prof Andreas van Wyk (middel) in 1993 as Rektor en Visekanselier ingehuldig is, met dié se

voorganger, prof Mike de Vries (regs). De Vries was die eerste rektor wat ook visekanselier was - 'n afsonderlike amp tot die laaste bekleer daarvan, dr Kosie Gericke, in 1981 oorlede is.

- 4** Prof Chris Brink en sy gesin op *Matieland* se voorblad kort voordat hy in 2002, ná prof Andreas van Wyk se aftrede, Rektor en Visekanselier geword het.
- 5** Oud-Matie Naledi Pandor, die Minister van Onderwys, wens die huidige Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, geluk met sy inhuldiging vroeër vanjaar. In die middel is die Kanselier, prof Elize Botha.

## ACADEMICS, PREMIERS AND ROYALTY



1 The numerous high-profile academic visitors on campus through the years have included Nobel Prize-winner Prof James D. Watson from New York, known as the "Einstein of Biology." This photo (*Matieland*, early 1993) was taken during his visit to open a new laboratory at the Department of Microbiology, and to be awarded an honorary doctorate by the University.

2 Former British prime minister Margaret Thatcher during her visit in 1991. With her is Prof Mike de Vries, then Rector and Vice-chancellor.



In 1997 Princess Beatrix of the Netherlands visited the University. She is seen here with Prof Andreas van Wyk who was then Rector and Vice-Chancellor.



During his visit to the University in 1996 King Carl XVI Gustav of Sweden signed the visitor's book, with Prof Van Wyk looking on.



# MATIELAND AS HISTORIESE BRON

Deur Hans Heese\*

In 1957, met die ontstaan van *Matieland* as 'n publikasie vir alumni en donateurs, met algemene nuus oor die Universiteit en sy prestasies, het min mense gedink dit sou ná 'n aantal dekades as 'n historiese bron beskou kon word.

Matieland, die oorspronklike foto's behou en laat oordra na die US Argief waar die meeste daarvan reeds deur 'n elektroniese database opgespoor kan word.

'n Oënskynlik oneconomiese gebruik van spasie destyds in Matieland was die plasing van die name en woonplekke van die talle donateurs wat skenkings aan die US gemaak het. Dit het egter ook waarde. In die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare was daar 'n groot poging om geld in te samel vir die vestiging van 'n mediese skool waar geneeshere in Afrikaans opgelei kon word. Fondswerwers het die hele land én destydse Suidwes-Afrika (Namibië) deurreis. Van die groot bydraes hiervoor was onder ander van die Duitse firma Metje en Ziegler in Windhoek.

### Ook gebreke

Uit die aard van die saak het *Matieland* ook sy gebreke omdat hy altyd inligting moes uitdra wat by sy alumni byval sou vind en het die blad politieke kontroversie so ver moontlik vermy. Dit is dus tevergeefs dat daar in die 1978-uitgawes gesoek word na inligting en foto's oor die oopstelling van die US vir ander groepe as slegs blankes. Dit is eers in *Matieland* 2:2006 dat die bekende Natalia da Rocha - een van die eerste "gekleurde Maties" - haar ervarings in 1978 met haar mede-alumni kon deel!

Desondanks bly *Matieland*'n belangrike bron van historiese inligting - al moet daar soms tussen die lyne gelees word. Die weerhouding van inligting, of doelbewuste verswyging van aktuele onderwerpe, weerspieël egter ook 'n standpunt!

Op 'n meer "praktiese" vlak weerspieël *Matieland* deur sy taalgebruik en terminologie die gees van die tyd en verskyn daar hier en daar dinge wat vandag onvanpas is en die hare kan laat rys - soos destyds se sigaretadvertensies. Maar so sal daar oor nog vyftig jaar waarskynlik skuins gekyk word na sake wat vandag as belangrik beskou word en - vir die oomblik - politiek korrek is!

Die talle foto's in *Matieland* in die afgelope vyftig jaar sê waarskynlik meer as die spreekwoordelike duisend woorde. Die modes en motors wat verander het, trapfietse en fieterjasies en vergete liefdes uit die vergange tyd - beeld wat by alumni nostalgiese jongmensherinneringe oproep en hulle hul beursies laat oopmaak vir die voortsetting van 'n tradisie wat hulle self help vestig het.

Wat as 'n bloot alledaagse publikasie met nuuswaardighede begin het, het met die verloop van jare in teks en beeld vanselfsprekend 'n rekord geword van die tydsgees, giere en modes wat nie net die US verteenwoordig het nie maar ook die "werklike" lewe buite die tradisionele Universiteitsomgewing.

As argivaris van die Universiteitsargief, met sy oorspronklike, handgeskrewe dokumente wat so ver teruggaan as die pre-Victoria College dae in 1866, word ek al hoe meer bewus van die waarde wat die relatief resente *Matieland* vir geskiedenisstudente en navorsers uit verwante navorsingsveldel inhoud.

Uit die aard van die saak kon *Matieland* slegs die positiewe kant van gebeure, ontwikkelinge en tendense op Stellenbosch aan sy lesers oordra en ook boodskappe en seine uitstuur wat in die kraam van die oud-Maties sou val. Vir die redakteur was daar geen beweegruimte om ook die skandes en skades van Stellenbossers aan sy leserspubliek oor te dra nie. Hierdie soort inligting kan slegs in die US Argief gevind word!

In 1957 het daar 3 100 studente aan die US gestudeer en in *Matieland* is gerapporteer dat Stellenbosch reeds die status van "volksuniversiteit" bereik het en dit steeds laat voortleef. Die beriggewing in die eerste uitgawe het dan ook verskeie berigte, met gepaste curriculum vitae daarby, oor die toonaangewende lede van die universiteitsgemeenskap bevat en wat die "volksgeaardheid" van die universiteit beklemtoon het. Hierdie soort verslaggewing het natuurlik gereeld verskyn en maak nog steeds 'n belangrike komponent van die inhoud van die jongste uitgawes van *Matieland* uit.

Maar die tyd het intussen aangeskuif en gaandeweg het die gedagte van 'n "volksuniversiteit" plek gemaak vir 'n inklusiewe "Afrikaanse Universiteit", 'n gedagte wat klaarblyklik reeds onder sy alumni van die jare vyftig en sestig wye ondersteuning geniet het.

Die belangrikheid van die biografiese gegewens en ander inligting oor sy leierskorps, dosente en oudstudente in *Matieland*, al is dit ook onvolledig, kan nie óórbeklemtoon word nie. Om een of ander rede is jare gelede besluit om die cv's van gewese afgetreden personeellede uit hulle lêers (nou in die US-Argief) te verwijder, om die pakkies dokumente kleiner te maak! Dit afgesien van die feit dat daar ook besluit is dat slegs professore se lêers die moeite werd was om te behou! Matieland is dus 'n nuttige bron om méér inligting oor oud personeellede en bevat dikwels inligting wat nie in ander bronne gevind kan word nie - insluitende die US Argief en JS Gericke Biblioteek.

'n Ewe belangrike aspek van *Matieland* is die groot aantal foto's wat daar van mense, gebeure en geboue verskyn het. Gelukkig het Hans Oosthuizen, voormalige redakteur van



## FOTO'S WYS HOE ALLES TÓÉ GELYK HET

"Hy was vir my goud werd," onthou mnr Topper Conradie, *Matieland*-redakteur 1962-'66, die destydse Stellenbosse fotograaf Christo S. Botha.

**O**ok prof Bun Booyens, redakteur in 1959-'61, onthou hoe hy en Botha saam foto's beplan het, veral vir die voorblaaie. Botha was 'n geesdriftige amateurfotograaf wat die eerste volledige Afrikaanse handleiding vir amateurfotograwe geskryf het.


In die laat-1970's het die US sy eie fotograwe by die destydse Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys gekry, onder wie Colin Edwards, wat tot in die laat-taalgengerjare gereeld *Matieland*-foto's geneem het, en Antenie Carstens wie se foto's tot in die 1990's

gereeld op die voorblad was.

Sedertdien was Anton Jordaan en Hennie Rudman, met hul eie onderneming op die kampus, en verskeie ander fotograwe se werk gereeld in *Matieland* te sien.

To *Matieland* editors through the years, the photographers whose pictures were published in the magazine, have been "worth their weight in gold." This article pays tribute to these people behind the cameras.

## TIKMASJIENE, VOORKOMS EN BENE WYS



**M**atieland se adreslys (2 661 in 1957) is nou byna 83 000 - meestal oudstudente maar ook nie-Oudmatie-donateurs. Baie getroudes, albei oud-Maties, kry saam een eksemplaar.

Die lezers is meestal Afrikaans, byna die helfte is jonger as veertig en sowat 7,6 persent is in die buitenland - Suid-Afrikaners wat daar bly of buitenlanders wat hier studente was.

Tot in die sewentigerjare het skoolleerders en later die US-posafdeling die tydskrifte in papierkoeverte ingesit, maar weens die groot oplaag doen 'n versendingsfirma dit sedert die 1980's met masjiene en plastiekkoeverte.

Die vroeë redakteurs se kantoor was langs die rektor s'n, met wie hulle 'n "tikster gedeel het." Nadat sy hul handgeskrewe berigte getik het, is dit by die drukkery op groot setmasjiene orogetik. Die drukkery het die blad uitleg gedoen, volgens die redakteur se aanduidings. In 1983-'84 is die blad die eerste keer professioneel ontwerp, maar die geld hiervoor is teruggetrek tot 1991, waarna verskeie firmas dit ontwerp en gedruk het.

1. Christo S. Botha wat die vroegste Matieland-voorbladfoto's geneem het.
2. Colin Edwards
3. Anton Jordaan en Hennie Rudman van SSFD
4. 'n Voorbladfoto deur Botha, 1962.
5. Voorbladfoto deur Johan Stander (destydse Studio 7): Matieland 2:1976.
6. Alice Mertens, destydse US-dosent in fotografie, se voorbladfoto, Matieland 3: 1979.
7. Voorblad, 1981: Colin Edwards se treffende foto (30ste bestaansjaar-viering van die Militêre Akademie) met die vegvliegtuie in verbyvlug op die foto - nie met rekenaargrafika ingedokter nie!
8. Matieland 3:1983: Die Kweekskoolgebou, deur Antenie Carstens.

Matieland was vir elke redakteur die afgelope halfeeu net 'n klein deel van sy pligte - tot 1973 gekoppel aan die rektorskantoor en sedertdien aan mediasakakeling en publikasies. Om kosteredes is daar nou net twee in plaas van drie uitgawes per jaar.

In 1974 is enkele Matieland-berigte ter wille van Engelssprekende donateurs die eerste keer in Engels geplaas, maar oudredakteur Douglas Davis onthou dat hy selfs in 2003 nog deur 'n oud-Matie "lelik aangespreek is oor te veel Engels" in die blad. In die 1970's is Davis kwalik geneem oor 'n voorbladmeisie "wat te veel been gewys het" en 'n reünie-foto "met te veel drankbottels op die tafel."

The production, design, printing and mailing of *Matieland* have undergone many changes. The circulation has risen from 2 661 in 1957 to more than 83 000 today. On the mailing list are a number of donors of the University, but mostly "oud-Maties" and many of them Afrikaans-speaking.

# WAT OORKANT DIE RIVIER GEBEUR HET



"Die Matie-Springbokke van 1957 net na hulle ontvangs deur die Rektor." Dié foto, deur Christo S. Botha, was in die heel eerste uitgawe van *Matieland*, Maart 1957. Saam met prof Thom (in die middel) is Pat Montini, Butch Lochner, Dawie Ackermann (agter Thom), Jan du Preez en Piet du Toit. James Stake was nie by toe die foto geneem is nie.



**Links bo** In April 1965 het *Matieland* in 'n fotoberig gespog: "In ideale weersomstandighede het De Villiers Lamprecht, 21-jarige Matie, op Vrydagvaand 13 November 1964, die eerste Suid-Afrikaner geword wat die myl in minder as vier minute afgelê het (Tyd: 3:59.7)." Johan Stander het later dié dagligfoto van Lamprecht geneem.

**Regs bo** Ses van die sewe Matie-Springbokkate van 1970 saam met afrigter Ivor Potgieter (middel voor). Agter (van links) is Freddie Poggenpoel, Dicky Broberg, Emile Rossouw en Danie Malan, met (voor) Pauline Craven en Letitia Malan. Thea Kitzhoff is nie op dié foto nie.



In 1995, kort ná die Wêreldbeker-rugbytoernooi in Suid-Afrika, was dié foto van die Danie Craven-standbeeld op *Matieland* se voorblad. Dit is onthul om saam te val met die toernooi se openingswedstryd op Nuweland. By Dok (met sy hond, Bliksem) is Dawie Snyman wat toe die Maties se hoof-sportbeampte vir rugby was, en Fritz van Heerden, een van die bekendste spelers van daardie jare. Die standbeeld is voor die geskiedkundige Jannie Marais-huis, die hoofkantoor van Matie-sport op Coetzenburg, wat grootliks deur Craven se toedoen bewaar en gerestoureer is.

"Coetzenburg, Vrydagmiddag, 5 nm. Koshuisrugby: Simonsberg teen Huis Marais" was die byskrif by dié foto in die Desember 1960-uitgawe. Christo S. Botha het ook dié foto geneem (maar sonder erkenning in die tydskrif). Dit was by 'n lang berig oor "Unieke Koshuisrugby op Vrydagmidae" deur prof Danie Craven. "Voor jou is rooi en blou trui; agter jou wittes, swartes, geles, donkerbloues en ligbloues en oral beweg die toeskouers op en af saam met die spel", het hy oor die koshuisspanne geskryf. Dis "die trots van elke speler om so 'n trui te dra. En glo my, as hy dié trui dra, doen hy dinge wat sommige Springbokke nie kan regkry nie."



Elana Meyer met die silwer medalje wat sy in die 10 000 m by 1992 se Olimpiese Spele in Barcelona verower het. Dit was die beste Suid-Afrikaanse prestasie by dié spele. Antenie Carstens het dié *Matieland*-voorbladfoto by haar huis op Stellenbosch geneem. In dieselfde uitgawe is berig dat Tiaan Strauss die 130ste Springbok geword het wat die Maties se rugbyklub tot in daardie stadium opgelewer het.



Ernst van Dyk (voorblad, *Matieland* 1:2001) toe hy 'n nuwe wêreldrekord in 'n rolstoelwedren oor 25 km opgestel het.



Bronwyn Bock,regs op die foto bo, (*Matieland* 1:1996) toe sy as derdejaar-Matie die SA o.21-netbalkaptein was. In dieselfde uitgawe is berig oor Marianne Kriel wat onder meer kaptein van die SA swemspan was.

## Wees gereed vir die groot dag.

Moenie die lewe se spesiale oomblikke by jou laat verbygaan sonder om dit te vier, omdat jy nie geld het nie. Deur elke maand 'n bietjie

te spaar, sal jy vir omtrent enigets gereed wees.

Besoek enige tak of bel 0860 123 456 om jou spaarrekening te open.

Geïnspireerd. Gemotiveerd. Betrokke.



Gemagtigde finansiële diensteverskaffer

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Reg.No.1962/000738/06), SB5A 305553-5/07

# US lei met internasionale sangsimposium

Staande applous vir die Departement Musiek wat vroeër vanjaar die heel eerste Internasionale Sangsimposium in Suid-Afrika aangebied het.



Foto: SSFDF



Prof Michelle Breedt verduidelik die belangrikheid van die regte liggaamshouding aan 'n simposium-deelnemer.  
(Foto: Pieter Oosthuizen)

Dertien dosente van regoor die land het verskeie lesings en meer as 170 openbare meestersklaas aangebied - dit alles onder leiding van die internasionaal befaamde mezzosopraan Michelle Breedt, 'n Maties-alumna wat deesdae in Europa woon, maar die pos van Buitengewone Professor in sang op Stellenbosch beklee en nog tot in 2009 meestersklaas by die Universiteit Stellenbosch (US) aanbied.

Meestersklaas in sang is ook aangebied deur die wêreldbekende "Kammersängerin" dr Mimi Coertse, gevierrede Suid-Afrikaanse sangeres wat sewentien jaar aan die Weense Staatsopera verbond was en nou in Pretoria woon, mnr Eric Muller van die Tswane Universiteit vir Tegnologie in Pretoria, prof Werner Nel van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, proff Virginia Davids en Angelo Gobbato

van die Universiteit Kaapstad, asook me Magdalena Oosthuizen en mnr André Howard van die US. Prof Hendrik Hofmeyr van die Universiteit Kaapstad, mev Elna van der Merwe, 'n vryskut-begeleier van Stellenbosch, en me Truida van der Walt van Potchefstroom het as amptelike begeleiers opgetree.

Lesings en demonstrasies is oor onder meer sangonderrig, Duitse en Italiaanse uitspraak, Italiaanse resitatiiefsang, begeleiding vir sangers, koordinatietegniek se invloed op sangtegniek asook koorsang in die buiteland as 'n beroepsmoontlikheid vir Suid-Afrikaans opgeleide sangsoliste aangebied. Prof Hofmeyr het ook 'n lesing oor sy vokale komposisies aangebied. 'n Keelspesialis, dr Lood Rabie van Stellenbosch, het 'n baie interessante lesing getiteld "Laryngeal reflux and the performing voice" aangebied.

Mimi Coertse het in 'n gespreksessie van haar gevierrede sangloopbaan in Europa vertel. Me Acáma Fick, 'n afgetrede dosent van die US, en mnr Rudolf de Beer van die US het lesings en werksessies oor koor- en ensemble-sang aangebied.

Naas tientalle waarnemers was daar sestig deelnemers van regoor die land by die meestersklaasse - heelwat meer as wat verwag is. Die deelnemers kon ook in daagliks ensemble-werksessies sing, en met die afsluitingskonsert het dié ensembles onder leiding van Rudolf de Beer 'n indrukwekkende uitvoering gelewer.

Michelle Breedt se galakonsert, met Elna van der Merwe as begeleier, was die hoogtepunt van sewe aand- en etensuuruitvoerings tydens die simposium van vyf dae.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sangonderwysers is ook by die simposium gestig met Magdalena Oosthuizen, hoof van sangonderrig by die US, wat as voorsitter gekies is.

Daar word beplan dat die simposium voortaan elke twee jaar tussen universiteite sal roete. Skakel met Magdalena Oosthuizen by 021 808 2372 of per e-pos by mjoosth@sun.ac.za vir meer inligting.

## Postgraduate Education programmes pass with flying colours

Over the past three years selected programmes in the Faculty of Education at Stellenbosch University have been subjected to the Higher Education Quality Committee's (HEQC) National Review of Teacher Education agenda. The result? Full marks.

A panel of reputable external evaluators comprising academics from various higher education institutions and HEQC officials has been involved in the critical scrutiny of the Faculty's MEd (Education Policy Studies), BEd, Postgraduate Certificate in Education (PGCE) and Advanced Certificate (ACE) in Mathematics and Mathematical Literacy programmes.

"The programmes gained full accreditation for its rigour and quality from the HEQC," said Prof Yusef Waghid, Dean of the Faculty of Education. "Once again, this is a vindication of the quality of work rendered by the Faculty's academic and support staff, considering that several other institutions in the country either achieved conditional accreditation or are on notice for withdrawal of accreditation. The implication of this accreditation is that any prospective student intent on pursuing a qualification in education at Stellenbosch University would undoubtedly be exposed to academic excellence - an idea that is consonant with the Faculty's Strategic Plan and the University's overarching Strategic Plan or Vision 2012," Prof Waghid commented.



Infants who were diagnosed early and treated immediately had a mortality rate of only 4% and a 75% lower risk of death.

Organization (WHO) are to monitor infants until they require ARVs. When the measurement of immune function (the CD4) drops below 25% or if the infant shows signs of severe HIV disease, ARVs are administered.

The study by Prof Cotton and Dr Violari has prompted international experts in the field to reconsider this approach. The two researchers' CHER (Children with HIV Early Antiretroviral Therapy) trial - which will run until 2011 - has produced startling interim results, indicating that ARVs administered to all infants within the first twelve weeks of life save lives. They found that the infants who were diagnosed early and treated immediately had a mortality rate of only 4% and a 75% lower risk of death. Infants in the deferred group had a mortality of 16%, despite 70% being started on ARVs according to standard criteria.

The trial is monitored every six months by the National Institute of Health's (NIH) Data Monitoring Safety Board (DSMB), and a special sub-group reviews data every three months. On 20 June 2007, the DSMB recommended that no new infants be randomised to delayed ARVs. At the same time, Prof Cotton and his team immediately reviewed the status of infants in the delayed arm and initiated ARVs. "These and other infants in the study are in general doing extremely well," Prof Cotton says.

In a press release, announcing the interim results of the trial, the NIH pointed out that hundreds of thousands of babies around the world were born with HIV each year - "more than half a million in 2006 alone." Caring for these children is complicated by the fact that their immune systems are not fully developed in their first year of life, which makes them especially susceptible to rapid progression of HIV-related diseases, and to early death.

According to NIH director, Elias A Zerhouni, Prof Cotton and Dr Violari's clinical trial was the first to show that infants treated before three months of age will do better than infants who have their treatment delayed. The organisation has therefore recommended that the results be made known to the WHO and other key stakeholders in the field of paediatric HIV, so that they can consider changing current treatment protocols to allow treatment to start before the infected babies are three months old.

Prof Cotton says it is a challenge to turn the test results into policy, especially within resource-constrained settings. He has had discussions with provincial and national health authorities and they are considering the findings.

# Stellenbosch research receives international recognition

Research done at the Faculty of Health Sciences on HIV/Aids and related fields, says **Sybelle Albrecht**, is increasingly receiving international recognition, to the extent that it could have a significant impact on public health worldwide.

The most recent and far-reaching study from the Faculty of Health Sciences to cause a worldwide stir emanated from the Children's Infectious Diseases Clinical Research Unit (KID-CRU), headed by Prof Mark Cotton.

For the study, Prof Cotton and Dr Avy Violari of the University of the Witwatersrand conducted a randomised clinical trial to determine whether early treatment with antiretroviral (ARV) drugs would

delay the progression of HIV-related diseases in babies infected with the virus.

In South Africa and many underdeveloped countries, the current recommended standard of HIV care for both adults and children is to treat infected patients only after they show signs of illness or a weakened immune system. In adults, this is done to avoid the dangers of drug resistance and also as a cost consideration.

With regard to newborns, the HIV status of infants is usually not known at birth as a result of South Africa's limited resources for early diagnosis. This is because infants born to HIV-infected mothers carry the mother's antibodies and early diagnosis requires a costly diagnostic test - known as the polymerase chain reaction test (PCR) - instead of the cheaper, rapid antibody test used for older children and adults. At present, the PCR is done at six weeks of age.

The current treatment guidelines followed in South Africa and endorsed by the World Health

# Jo Barnes se jare van toewyding beloon

Dr Jo Barnes van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se jare lange navorsing oor rivierbesoedeling is onlangs dubbeld beloon toe sy die Wes-Kaapse Proviniale Eretoekenning, die "Orde van die Disa", ontvang het vir uitstekende, noemenswaardige en voortreflike diens gelewer, asook die "Vroue in Water, Sanitasie en Bosbou 2007"-toekenning in die kategorie Onderrig en Bewusmaking.

Laasgenoemde is onder die vaandel van die Departement Waterwese en Bosbou en Eskom aan haar toegeken.

Dr Barnes het merkwaardige sukses behaal met haar studies oor die gesondheidsrisiko's van rivieromgewings naby

digte nedersettings en met bewusmaking oor gevaarlike toestande in waterbronne.

Sy was diep geraak deur die hoë voorkoms van kindersterftes as gevolg van besoedelingsverwante siektes, veral in informele woongebiede. Daarom het sy 'n paar jaar gelede begin om besoedelde waterbronne en riviere wat deur sulke woongebiede vloei, te bestudeer.

Volgens prof Wynand van der Merwe, Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, maak dr Barnes se werk 'n merkbare verskil in gemeenskappe. "Ons



Dr Jo Barnes met van die toekenings wat sy ontvang het.

is trots om dr Barnes as 'n kollega te hê en wens haar alles van die beste toe vir haar toekomstige navorsingsaktiwiteite en -projekte."



Prof Corfield's exhibition on TB includes a model of a Jim Carrey-like head that shows how a single sneeze can carry airborne TB bacteria over a wide area. Gerry Noel, a BSC Hons student, helped Prof Corfield develop the model.

This year the Medical Research Council (MRC) named Prof Valerie Corfield of the Faculty of Health Sciences as their Woman of the Year for her excellence in work.

She also won the prize for the best scientific exhibition - a quirky "translation" of the science behind TB - at the Faculty's Annual Academic Day.

These commendations, along with many others, such as one from the annual Grahamstown Science Festival, occupy her office alongside models and posters that assist her in "translating" science in the science workshops she has developed for school children, non-governmental organisations and numerous interest groups.

For Prof Corfield it all started when she was asked to give a lecture on science for children at the annual Science Festival in Grahamstown. She developed a workshop on DNA called "DNA detectives - what's in your genes?". The workshop is still presented at the Festival every year.

"I realised then that there is a need to explain HIV and Aids to the layman, and I got together with Dr Francois Cilliers to develop 'HIV comes to the party!', Prof Corfield says.

Other workshops followed: "Food for thought", "Enzyme antics" and "The skin you're in". All these workshops are scientifically accurate, but stripped of scientific jargon. The different stories are told in

metaphors and analogies that can be adapted for all audiences, from children to adults.

Another reason for the popularity of Prof Corfield's workshops is that she trains others to present them. To this end, she has been training facilitators from the Kuilsrivier community to present the HIV workshop to the children in all the schools in Kuilsrivier as part of a research project she is currently working on with Dr Ethelwynn Stellenberg of the Nursing Division.

With a passion for science, Prof Corfield believes that it is incumbent on everyone at institutions like the Faculty of Health Sciences to "translate" their science and make it fun and accessible to young and old.



## SU's aquaculture projects receive major financial investment

The Division of Aquaculture in the Faculty of Agri-Sciences has received a significant financial contribution from the Department of Science and Technology (DST) in support of the development of aquaculture initiatives across South Africa.

A n amount of R7,3 million was awarded to the Division of Aquaculture from/for the Technology for Social Impact Programme with the objective to achieve socio-economic beneficiation of rural and coastal communities through the introduction of aquaculture technologies.

The projects are being developed by the Division of Aquaculture in collaboration with other role players, including industry.

"The projects include, among others, the establishment of commercial abalone culture in Hondeklip Bay and adjacent areas in the Northern Cape that are experiencing economic strife due to the recent decline in fisheries and mining activities. Various pilot projects are also being established in larger dams in Kwa-Zulu-Natal, the Free State, Mpumalanga, Limpopo and the Eastern Cape, through the introduction of cage culture technology," said Prof Danie Brink, Head: Aquaculture Division at Stellenbosch University.

"This follows on the successful development of a small scale fish farming initiative in the Western Cape that has seen the introduction of 35 small trout farmers on irrigation dams, and their incorporation into the Hands-on Fish Farmers Co-operative. This development model will now be introduced to other areas of South Africa, through means of the financial support from DST," he said.

The projects aim at establishing viable business entities, with full rural community participation in partnership with industry. This requires the development and transfer of appropriate technologies and skills to communities in these outlying/rural areas. The initiatives will receive continued support over the next three years.

According to the Acting Vice-Rector: Research, Prof Leopoldt van Huyssteen, the allocation is a "significant step forward for research-based community interaction."

Contact Prof Brink at 021 808 5838 or via e-mail at [db@sun.ac.za](mailto:db@sun.ac.za) for more information on aquaculture.

## VUIL WATER NAGEVORS

Weens toenemende kommer oor die gesondheidsrisiko's verbonde aan die gebruik van besmette besproeiingswater vir landbouprodukte, het die Waternavorsingskommissie R4,7 miljoen bewillig vir 'n navorsingsprojek om die verband tussen die gehalte van besproeiingswater en voedselveiligheid te ondersoek.

**V**erskeie studies oor besoedelde riviere in die Wes-Kaap het al die aanwesigheid van 'n groot hoeveelheid patogeniese bakterieë (bakterieë wat menslike siektes veroorsaak) soos E. coli, *Staphylococcus* en *Salmonella* aangetoon.

Die navorsingsprojek is aan die Departement Voedselwetenskap van die Universiteit Stellenbosch (US) toegeken. Twee van die land se voorste spesialiste in voedselwater, prof Trevor Britz en dr Gunnar Sigge van dié departement in die Fakulteit Agriwetenskappe, sal die navorsing lei. Hulle sal oor die volgende vyf jaar met verskeie kenners van die Departement Gemeenskapsgesondheid aan die US, die universiteite van Venda en Pretoria asook die Durbanse Universiteit van Tegnologie saamwerk. Die studie sal in die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Venda uitgevoer word.

Die hoofdoelwit van die studie is om vas te stel watter bakteriese en virusbesmettings in besmette besproeiingswaterbronne aanwesig is en om die potensiële gevaar uit te wys indien hulle op die gewasse gevind word wat met die besmette waterbronne besproei word. Dit is van kardinale belang dat alle rolspelers oor die gevolge van swak beplanning en die besoedeling van riviere met potensiële patogene ingelig word.

Volgens prof Britz het wêreldwyse studies getoon dat besmette besproeiingswater die hoofsoakaak van die besmetting van landbouprodukte is, veral in produkte wat rou of ná minimale verwerking geëet word.

Hy is van mening dat hierdie studie van die uiterste belang vir die landboubedryf is, aangesien besproeiende produkte wat biologies besmet is nie net 'n negatiewe uitwerking op die gesondheid van die verbruiker sal hê nie, maar ook op mense wat langs die besmette waterbronne woon en in die voedselketting met die produkte werk. 'n Verlies aan voedselveiligheid sal ernstige gevolge vir sowel plaaslike verkope as uitvoere inhou.



Op die Universiteit Stellenbosch (US) se Welgevallen-proefplaas is 'n groep landboukundiges wat 'n reuseverskil in baie mense se lewens maak, van die Wes-Kaap regdeur Afrika tot in Ghana en Senegal. Hulle doen dit met boegoe, rooibostee, groente, heuningbostee en speserye.

deur Dawid Botha

# Boegoe rooibos, groente en speserye verander lewens regdeur Afrika

Die organisasie Agribusiness in Sustainable Natural African Plant Products (ASNAPP) verskaf 'n volledige huldiens aan opkomende boere, en het twee gemeenskappe in Zambië se lewens totaal verander deur van hulle groenteprodusente vir hotelle by die Victoria-waterval te maak! Hulle het gehelp om rooibostee met 'n eiesoortige smaak by Wuppertal te verbou, gesorg dat boegoe twee maal vinniger in die Sederberge groei en 'n vier maal hoër opbrengs as normaalweg vir rooibostee-boere by Elim bewerk. Die organisasie het ook afdelings in Ghana, Senegal, Rwanda en Zambië, en projekte in Angola, Mosambiek en Malawi.

Hoe en waar het alles begin? Die Direkteur van ASNAPP Suid-Afrika, Elton Jefthas, die Ontwikkelingsbestuurder Jacky Goliath, en dr Petrus Langenhoven, Agronoom en Navorsingsbestuurder, was voorheen aan die Landbounavorsingraad verbonde. In 2001 het die ASNAPP-inisiatief 'n vennootskap met die US en die United States Agency for International Development (USAID) gesluit om meer behoeftiges te bereik. Jacky se taak is om projekte te bestuur, opleiding te verskaf en produksie en verbouing van plantprodukte te monitor. Wanneer die projek op dreef is, doen sy slegs monitering. Projekte moet volhoubaar funksioneer en bestuur word voordat ASNAPP onttrek. Op Wuppertal, waar die boere nou hul eie rooibos-saailinge kweek, kon ASNAPP reeds onttrek.

Wat Jacky se verbeelding tans aangryp, is die rooibosteeprojek by Elim, wat nou twee jaar aan die gang is en waar bevind is dat rooibostee 'n vier maal hoër opbrengs as die gemiddelde in die



Clanwilliam-streek lewer. Elim-boere het reeds 24 hektaar onder rooibos. In Elim self het ASNAPP 'n kweekhuisprojek by die Elim-tehuis vir kinders met gestremdhede gevestig en die personeel en kinders opgelei om groente vir die tehuis te kweek.

Ander projekte waarby Jacky tans betrokke is, is suksesvolle heuningbostee-verbouing by Ericaville naby Plettenbergbaai en Haarlem in die Langkloof.

Volgens Petrus Langenhoven is ASNAPP se vlagskipstorie die bedelaars-na-boere-suksesverhaal in Zambië. Talle persone met gestremdhede van die gemeenskappe Linda en Mapenzi naby Livingstone was so te sê bedelaars en het in groot armoede geleef totdat ASNAPP in 2003 daarvan te hore gekom het en met die hulp van Sun International kweekhuise en besproeiingsgeriewe daar gevestig het. Nou kan dié gemeenskappe feitlik hul volle produksie aan die Royal Livingstone Hotel en die Zambezi Sun Hotel verkoop, die kinders kan skoolgaan en daar is geld vir skooluniforms. Wat 'n verleenheid vir die toerismebedryf was, is nou die suksesverhaal.

Petrus Langenhoven is ook betrokke by navorsing oor die kweek van nuwe gewasse in tonnels en op oop grond op die Welgevallen-proefplaas by die US voordat dit aan kleinboere verskaf word. Hy reis egter ook wyd en syd in Afrika om projekte te monitor. Op

Oudtshoorn is hy reeds 'n paar jaar besig met 'n hidroponeïsche projek in vennootskap met Pick & Pay, waardoor opkomende boere groente aan plaaslike supermarkette lewer.

In Malawi, Mosambiek en Angola help ASNAPP en Freshmark, 'n afdeling van Shoprite-Checkers, om plaaslike produksie van groente te stimuleer. ASNAPP help met 'n plantprogram in tonnels en ook met opelugboerdery. Van die spesialiteitsprodukte is sampioene, paprika en brandrissies.

Volgens Elton Jefthas is dit hulle benadering dat kennis van die mark eerste kom, waarna daar na produksie teruggewerk word. Markinligting moet met 'n werkbare sakeplan as padkaart ingespan word. Ontwikkelingsprojekte kan net geïmplementeer word as dit op sakebeginsels gegrondig is.

In die Sederberge kweek oudbosbou- en -natuurbewaringswerkers by Algerië deesdae boegoe hidroponeïs onder skadunette. Waar boegoe in die veld eers ná drie jaar geoes kan word, doen hulle dit nou binne 'n jaar. Tans word dit vir olie verbou.

• Meer inligting oor ASNAPP se suksesverhale is by [www.asnapp.org](http://www.asnapp.org) te kry, en mense wat hulle nuusbrief wil ontvang of betrokke wil raak, kan met ASNAPP se skakelbeampte, me Marike Myburgh, by [info@asnapp.org](mailto:info@asnapp.org) of 021 808 2919 skakel.

*Geologie-student Willem van der Merwe, besig met navorsing in die Atlas-gebergte in Marokko.*



## GEOLOGIE-STUDENT VEREER

**S**y uitstaande navorsingswerk oor die Tankwa Karoo se ondersese waaierafsettings het aan Willem van der Merwe twee topstryke van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika (GVSA) besorg.

Hy het nie net die Corstorphine-medalje ontvang vir die beste MSc-tesis in Geologie wat in 2006 aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit voltooi is nie, maar ook die John Handley-toekenning vir die buitengewone standaard daarvan.

Sy MSc-studie dra by tot die petroleumbedryf se kennis oor ondersese waaierafsettings, wat elders in die wêreld tipies die gesteentes oplewer waaruit daar vir olie geboor word.

Al is daar nie oliereserves in die Tankwa Karoo nie, is dit 'n waardevolle eerstehandse studiegebied vir die wêreld se petroleum-eksplorasiemaatskappye. Hier kan bogronds presies gesien word hoe die geologiese formasies lyk waaruit olie in ondersese ontginningsprojekte geboor word.

Volgens Willem was die suidwestelike Karoo eens 'n binnelandse see wat sowat 250 miljoen jaar gelede met sediment opgevul is. Aardplaattektoniese kragte

het die landstreek hoog bo seevlak gelig en intens verweer tot sy huidige voorkoms waarin die afsettings sigbaar is.

Willem se studieleier, dr De Ville Wickens van die Departement Geologie, Geografie en Omgewingstudie, is 'n kenner van die westelike Karoo se diepwater-waaierafsettings, en het Willem sedert sy eerste studiejaar by navorsing in die Ceres/ Tankwa Karoo betrek.

Willem het in 2003 die eerste student in die destydse Departement Geologie geword wat die GVSA se gesogte Haughton-toekenning vir sy honneursprojek ontvang het.

Hy is tans deel van 'n diepwater-navorsingsgroep van die Universiteit van Liverpool. Sy PhD-studie fokus op die Laingsburg-omgewing.

The exceptional research work done by Geology student Willem van der Merwe for his masters thesis on the uppermost fan system of the Tanqua Karoo was rewarded with two top awards from the Geological Society of South Africa.

## 'n Eerste in Afrika

Narkose - en nie 'n dissekteermes nie - is wat Matie-mikrobioloë deesdae danksy 'n nuwe tweedimensionele skanderer gebruik om die effek van nuwe farmaceutiese middels, aanvullings of preserveermiddels op proefdiere te toets.

**D**ie Caliper/Xenogen In Vivo Imaging System (IVIS), waarvan slegs enkeles reeds in wêreld-laboratoriums gebruik word, is die eerste van sy soort in Afrika en is aangekoop danksy die ondersteuning van die generiese farmaceutiese maatskappy Cipla Medpro. "Ons kan nou binne minute die onmiddellike uitwerking van mikro-organismes, toksiene en terapeutiese middels op proefdiere sien sonder dat nadoodse ondersoeke nodig is," verduidelik prof Leon Dicks van die Departement Mikrobiologie die meer etiese navorsingsmetodes wat IVIS toelaat. "Dit beteken ook dat ons dieselfde proefdier oor 'n langer tydperk aan behandeling kan blootstel om die uitwerking van die middel te monitor."

Benewens 'n narkosestelsel gepas vir proefdiere, sluit IVIS 'n skanderer, glasbed, termo-elektries verkoelde kamera en 'n rekenaar met 'n hoëdefinisie-

skerm en gevorderde sagteware in. Proefdiere word onder verdowing op die glasbed geplaas en ondergaan dan 'n vollyf-skandering. Die skandering regstreer seine van fluoresserende verklikkergene wat deur navorsers in die plasmied of genoom van die bestudeerde sel of orgaan geplant is. Daarna word die proefdiere in hul hokke teruggeplaas en later vir nog 'n ronde toets gebruik.

Prof Dicks gebruik IVIS reeds met vrug om antimikrobiese peptide van melksuurbakterieë te bestudeer. Sy navorsing poog om peptide as alternatief vir of aanvulling tot antibiotika te gebruik in die stryd teen middeloorontsteking, sinusitis en boonste lugweginfeksies. Hierdeur is Peptid ST4SA onlangs internasionaal gepatenteer.

IVIS word ook in samewerking met die Departement Mediese Biochemie vir tuberkulosenvavorsing inge-

span. Dit is 'n uitvloeisel van prof Dicks se werk oor antimikrobiese peptide in die behandeling van sinusitis. Projekte saam met die Universiteit se Departement Genetika is ook geloods.

Indien finansiering beskikbaar gestel word, beplan prof Dicks en sy span 'n groter projek wat melksuurbakterieë met probiotiese eienskappe gebruik om gewasse, spesifieke kankergewasse, te onderdruk.

The first non-invasive two-dimensional scanner in Africa has been put into use in the laboratory of microbiologist Prof Leon Dicks. It enables researchers to better visualise, track and understand biological processes in living animals, and makes the dissection of test animals unnecessary.





Dit is slegs die sesstiende spesie van dié kleine muisagtige soogdier wat aan Afrika wat aan dierkundiges bekend is. (Foto: Galen Rathbun)

Klaasneuse is skaam diertjies wat hulle nie sommer laat vang nie. Hier is Hanneline saam met dr Victor Rambau, knaagdiéchromosoomspesialis in die Departement Plant- en Dierkunde, besig om lokaas in valjetjies op 'n plaas in die Calvinia-omgewing te plaas. (Foto: Joseline Smit)



Deur Engela Duvenage

PhD-student Hanneline Smit met 'n jong voorbeeld van haar nuutontdekte klaasneusspesie.

(Foto: Elizabeth Mortimer)

**H**oe gemaak as alles daarop dui dat jy 'n nuwe soogdierspesie in die Sentralkaroo ontdek het, maar jy eenvoudig nie lewende voorbeeld daarvan gevang kry om jou teorie klinkklaar te toets nie?

Wanneer jy weke lank hoopvol weer en weer vanghokke in die veld uitsit en nagaan, duim vashou, jou lokaas van grondboontjiebotter na marmite na vis verander, weer eens duim vashou, maar geen spoor vind nie ...

Dán leer 'n mens van geduld.

So vertel Hanneline Smit, 'n doktorale student in die Departement Plant- en Dierkunde, wat in die loop van haar navorsingswerk oor die genetiese verskille onder die Kaapse klapklaasneuse in die Knysnaland 'n nuwe sisterspesie van dié kleine langneus ontdek het. Dit is slegs die sesstiende spesie van dié klein muisagtige soogdier wat aan Afrika wat aan dierkundiges bekend is.

Met die uitvoer van haar genetiese toetse het Hanneline, 'n lid van die Evolusionêre Genomika-navorsingsgroep, onverwagte resultate verkry. Sy het die toetse herhaaldelik uitgevoer, want, het sy aangeneem, sy het iewers iets verkeerd gedoen. Die klapklaasneuse wat sy getoets het, is mos almal van dieselfde spesie.

Of so het sy gedink ...

Ná gesprekke met haar studieleiers, dr Bettine Jansen van Vuuren en prof Terry Robinson, is vermoed dat sy dalk 'n nuwe spesie

beet het en moes sy begin om dit te verifieer.

Makliker gesê as gedaan.

Klaasneuse word erken as van die skaamste diertjies onder die son, en laat hulle nie sommer in 'n vanghok inlok nie. Daarby kom hulle nogal yl verspreid voor.

Sewe weke se veldwerk, waarin Hanneline en haar medenavorsers meer as 400 valhokke in die gebied van Beaufort-Wes, Steinkopf, Calvinia en Nieuwoudtville gestel het, het slegs drie lewende voorbeelde opgelewer.

Groot was die opwinding toe sy uiteindelik die eerste een in die hand gehou het.

Nog veertien individue van die nuwe voorgestelde spesie is in die versamelings van die Transvalaese Museum in Pretoria en die McGregor Museum in Kimberley opgespoor.

Die voorgestelde spesie-identifikasie is volledig gedoen danksy Hanneline se breedvoerige molekulêre en chromosomal navorsingswerk, wat aansluit by prof Robinson se navorsing oor die Afrotheriaanse spesies van Afrika. Hiervolgens deel klapklaasneuse, glo dit of nie, onder meer 'n gemeenskaplike voorouer met olifante, goue molle en dassies.

Soos wat die gebruik op wetenskaplike gebied is, sal die nuwe spesie eers amptelik gedoop word as die bevindinge in 'n erkende vaktydskrif gepubliseer word. Daar is egter reeds na die ontdekking verwys in 'n onlangse artikel deur Hanneline en haar studieleiers in Molecular Ecology oor die genetiese variasie onder die Kaapse klapklaasneuse.

Die Matie-navorsers het voorgestel dat die nuwe spesienaam verwys na die klein harige kwassie op die punt van dié oorwegend insekvretende dier wat se stert, waardoor dit op sigwaarde van nabylede soos die Kaapse klapklaasneus en die Westelike klapklaasneus onderskei kan word.

Daar is ook baie klein verskille in die pelskleur en die streep op die neus tussen die verwante spesies.

"'n Mens het 'n baie fyn oog nodig om hulle sommer so op sigwaarde in die veld te kan uitken," erken Hanneline.

Volgens haar molekulêre studies het die nuwe spesie sowat 2,8 miljoen jaar gelede geneties van sy naaste sisterspesie, die Kaapse klapklaasneus, geskei deur 'n proses wat vermoedelik aangehelp is deur die verdorrings wat die vasteland in daardie tydperk beleef het.

Hanneline hoop om in Maart volgende jaar graad te vang, waarna sy postdoktorale studies op Karoo-vöëls en soogdiere aan die Universiteit van Kalifornië (Berkeley), in samewerking met die Universiteit Stellenbosch, gaan doen.



Van oral op kampus (en selfs van ver buite die kampus) kom die verslaafdes elke Woensdag-aand om 'n oeroue Matietradisie te eerbiedig - om jou spreekwoordelike *biscuit* op die dansbaan te kom skud. **Karla Lamastra**, 'n Dramastudent en verslaafde uit eie reg, sê die Neelsie Sokkie-tradisie leef sterk voort.

# SKUD JOU *BISCUIT* OP DIE DANSBAAN!

**S**o wyd soos die verskeidenheid kulture is die spektrum van danstalent wat op die gemiddelde Sokkie-aand op die dansvloer te bespeur is. Daar sal jy jou Maties Dance Society-ysters, wat ligoets en grasieus oor die vloer beweeg, raakloop. Letterlik. Dis nou as jou eie dansstyl effe minder ligoets en grasieus is. Jy sal ook 'n hele paar ywerige beginners daar aantref. Hulle is gewoonlik diegene wat jóú raakloop.

Ook die sogenaamde 'muurbloemetjies' is immer teenwoordig, maar verloor gou hierdie benaming wanneer een van bogenoemde soort dansers hulle vra om te dans. Hulle is gewoonlik die volgende week terug met baie meer selfvertroue en ywer (afhangende van watter een van bogenoemde hulle gevra het om te dans, natuurlik!).

Dan is daar ook jou gevorderde muurbloemetjies wat, as selfversekerde dames van die 21ste eeu, nie wag om gepluk te word nie, maar die inisiatief neem om vir 'n manlike muurbloemetjie te sê: "As jy wil sit, gaan jy fliek toe. Hierdie is 'n sokkie. Kom skud jou *biscuit*!"

Die gesokkie geskied natuurlik op musiek wat enige student van gemiddelde intelligensie op enige ander aand van die week (veral Sondae) as "plat-vloers", "giff" of "net plein kommin" sal bestempel.

Dis huis hierdie musiek wat baie studente aanmoedig om eerder weg te bly.

Corné Edwards, 'n tweedejaar-Beeldende Kunststudent, huldig hierdie mening. Sy ervaar die woorde van Afrikaanse musiek as "kommin". Die effens ongure, seksistiese en gewoon onsamehangende lirieke soos "ek verlang na jou lyf ... dis amper half vyf", "ek is verlief, verlief op jou ... suddenly" en "daar's 'n huppel in my stap, maak my joune" word egter deur die sokkieganger op 'n Woensdag-aand oorgesien.

Waarom?

René Fullard, 'n derdejaar-BEd-student, som die situasie soos volg op: "Niks dans so lekker soos 'n effens ongure, platvloerse, *giff*, *kommin*, seksistiese, onsamehangende treffer nie."

Die rede vir die voortbestaan van hierdie tradisie is die diverse groep mense by wie dit byval vind. Daar bestaan wel die opvatting dat dit net wit Afrikaanssprekendes is wat by so 'n geleentheid huis voel, maar hierdie opvatting is al lankal by die deur uit gedans. Op enige gegewe Sokkie-aand sal jy ver-teenwoordigers van 'n wye verskeidenheid kulture én tale op die dansbaan sien, en opmerk dat daar 'n (dans)plekkie vir almal is.

Dis huis hierdie integrasie van verskillende mense wat van sokkies 'n treffer-tydverdryf maak. Oor studieverdele en taalbeleidstandpunte heen word daar bande gesmee met die passie vir dans as gemene deler.

Vir 'n anonieme ingenieur lê die sukses van sokkie in die feit dat dit so maklik is om iemand van die teenoor gestelde geslag daar te ontmoet. Menige sokkie-ganger het al 'n huisdansmetgesel of selfs 'n meer permanente metgesel op die dansvloer raakgeloop. Figuurlik.

Die Neelsie Sokkie bied jou dus lekker dans, effens verdagte, dog lekker musiek en lekker mense van 21:00 tot 24:00 op 'n Woensdag-aand - en dit alles vir die ongelooflike prys van R7.

En selfs hierdie R7 gaan vir 'n goeie doel!

Elke studentevereniging kry 'n beurt om die sokkie te reël en gebruik dan die toegangsfooie ten bate van die vereniging of vir gemeenskapsbou. Jy kry dus op die koop toe 'n warm gevoel in jou binneste danksy jou bydrae.

Die Neelsie Sokkie is nog steeds die ideale tydverdryf vir die student (met gemiddelde intelligensie, natuurlik) en dis waar jy my week na week sal raakloop.

In die 1970's het partytjies uit vriende, goeie wyn en 'n fondue bestaan. Dertig jaar later is die fondue vervang met iets wat tot veel interessanter en vuriger gesprekke oor 'n glas wyn sou lei. Die nuwe millennium se fondue is *30 Seconds*, 'n bordspeletjie wat jou vinnig op jou voete leer dink, jou algemene kennis toets en waarskynlik ook al tot menige amper-egskeidings gelei het. **Sonja Badenhorst** het met die man agter dié suksesverhaal gaan gesels.

**C**alie Esterhuyse, 30 Seconds se pa, is 'n Stellenbosser en 'n Matie-alumnus, en *Matieland* kon nie die geleentheid laat verbyglip om 'n paar wenke by hom te kry nie. Tydens 'n ronde *30 Seconds* wat Mickey Mouse, Pamela Anderson en Thabo Mbeki ingesluit het, het ek probeer uitvind wie die man agter die verskynsel is wat die afgelope vyf jaar reeds die topverkoper-speletjie in die land is.

Om egter die skepper van die speletjie te skei, is waarskynlik makliker gesê as gedaan. Ten spyte van sy wonderkind se sukses bly Calie Esterhuyse plat op die aarde en wil hy eerder die aandag op die speletjie fokus, nie op homself nie. Selfs Google kon my nie dié keer red nie - al wat te voorskyn kom is ... ja, reg geraai ... *30 Seconds*. Dus het ek tou opgegooi en besluit om hom te laat praat oor sy belangstellings - sport, aktuele sake en natuurlik speletjies.

Calie se belangstelling in sport het gelei tot die ontwikkeling van sy eerste projek, Goldquest - 'n speletjie wat in samewerking met Supersport en M-Net bemark is. Goldquest het egter net die weg vir groter dinge gebaan. In 1999 word *30 Seconds* bekendgestel, en die wêreld ontvang die speletjie met ope arms. Die speletjie vul 'n gaping in die mark vir diegene wat 'n intelligente tydverdryf soek wat terselfdertyd vermaak bied én boonop die lagspiere prikkel.

Binne die volgende paar jaar neem *30 Seconds* se gewildheid in so 'n mate toe dat vermaakklikesterre tydens onderhoude in tydskrifte daarna verwys, die platejoggie Gareth Cliff dit soggens op sy ontbytprogram op 5FM speel en daar selfs 'n Facebook-groep is met die titel "I will probably beat you at *30 Seconds*". Bemarking van die produk is feitlik onnodig - hy verkoop homself - amper soos 'n "urban legend" wat oorvertel word. 'n Toneelstuk is al op die speletjie gegrond, dit word jaarliks op die Rooiplein as deel van die SR-kultuurweek gespeel en in sowel Suid-Afrika as Nederland is sprake van 'n televisieweergawe.

Volgens Calie lê die sukses van *30 Seconds* daarin



## SUKSES IN SEKONDES

dat dit 'n speletjie vir almal is - met ander woorde al is jou algemene kennis nie van die beste nie, sal jy nog steeds ná 'n ronde *30 Seconds* met 'n ongeskonde ego huis toe kan gaan en jou vriende die volgende dag in die oë kan kyk (al kon jy nie onthou presies wie Graeme Smith nou weer is nie!) Die rede hiervoor, sonder om te veel van Calie se geheime te verklap, lê in die wyse waarop die speletjie opgestel is. 'n Fyn balans word gehandhaaf tussen moeilike name en iets wat elke mens op straat sal weet. Die perfekte kombinasie van net genoeg tyd en die regte name verseker die sukses.

Vir diegene wat wonder: Daar is wel 'n rede hoekom die toegelate tyd juis 30 sekondes is. Met die hulp van vriende en deeglike navorsing is daar op 30 sekondes besluit, omdat die spelers gestopt word deur 'n gebrek aan tyd, nie 'n gebrek aan

kennis nie. Spelers voel dus suksesvol en ervaar 'n gevoel van selfvoldoening.

Terwyl die oorspronklike weergawe van die speletjie hoofsaaklik ontspanning en vermaak as doel het, is die junior weergawe (wat in 2003 vrygestel is) meer opvoedkundig en spesifiek op jonger kinders gerig. Die junior en oorspronklike weergawes is ook onderskeidelik in 2003 en 2004 as "Speletjie van die jaar" deur die SA Toy Association aangewys.

Vir diegene wat sterk voel oor Afrikaans is daar goeie nuus: 'n Afrikaanse weergawe van die speletjie is in die pyplyn vir volgende jaar. Buiten 'n lang verwagte Afrikaanse *30 Seconds*, is Calie besig met twee nuwe speletjies, *Time's up!* en *Maximum*. Beide speletjies bevat elemente van *30 Seconds* met een of twee ekstra kinkels in die kabel en belof ook om veel pret te bied! □

**Calie Esterhuyse**, the developer of the ever-popular board game *30 Seconds*, is a MatiesAlumnus with his head in the sky and his feet planted firmly on Mother Earth. *30 Seconds* and its junior version were adjudicated "Game of the Year" in 2003 and 2004. Two name games, *Time's up!* and *Maximum*, are set to be rolled out in the near future.

# uit die alumni kantoor



## Beste MatiesAlumni

Ek groet julle vanuit die VSA waar ek Alumni-byeenkomste in Washington DC en New York fasiliteer. Nog ses maande het verloop en talle Alumni-geleenthede het in verskeie dele van Suid-Afrika plaasgevind.

Wat vir my uitsaan is dat jul goeie ervarings van jul studentedae aan die US, nie die oorwegende faktor vir julle betrokkenheid en belangstelling in die US is nie. Nee, julle wil sien dat julle Alma Mater 'n gerekende internasionale kennisvenoot bly en jul kwalifikasies internasional aanvaar word.

Julle is ook beïndruk om te sien dat die US sy kundigheid aanwend in die bevordering van die Verenigde Nasies se millenniumdoelwitte en by alumni-byeenkomste voorgehou word. So toon die US sy toegewydhed tot rolspeling nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd.

Selfs al bly nostalgie 'n belangrike oorweging vir julle betrokkenheid, toon dit ook dat MatiesAlumni 'n dieper vlak van gesprekvoering oor die US se toekomstplanne verwelkom.

## Dankie vir jul insette!

Te danke aan julle kritiese insette het ons beslis nie 'n tekort aan stimulerende gesprekvoering nie.

Julle is deel van die globale gemeenskap, leiers in plaaslike gemeenskappe, neem die voortou in jul onderskeie loopbaan-areas, maar julle begin al hoe meer julle verwagtinge van jul verhouding met die US met my kommunikeer en betrok raak by ontwikkeling hier.

Vir elkeen van julle wat die afgelope jaar 'n e-pos of oproep gemaak het om 'n voorstel met my te bespreek, wil ek opreg bedank. Die US verwelkom mos 'n "diversiteit van mense en idees" soos uiteengesit in Visie 2012.

## Agtter dit alles

Sedert 2004 het ons met 'n strategiese Alumni-verhoudingsbouplan begin met die hoofdoel om Toekomsvisie 2012 met julle te kommunikeer, Alumni-betrokkenheid by die US te bevorder en om jou netwerkgeleenthede met ander alumni te bied.

Ek is baie trots om te kan noem dat ons hiermee goeie vordering maak en reeds 57 Alumni-geleenthede wêreldwyd gereël het.

## Konvokasie

In Maart 2008 vind 'n verkiesing vir nuwe Konvokasie-verteenvoerding op die Raad plaas. Hierdie persone verteenwoordig jou stem op die hoogste besluitnemende liggaam van die US. Dit is dus baie belangrik om jou stem uit te bring en selfs belangriker, om jou verkiesbaar stel.

Ek sien uit na nog 'n opwindende jaar wat vir ons voorlê... een stap nader na 2012!

Geseënde feestyd vir almal.

## Vriendelike groete

Heidi

• The English version of Heidi's message can be read online at [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net)



2

## Alumni-byeenkomste

**Foto 1 - New York-funksie:** Agter: Prof Russel Botman (Rektor en Visekanselier) en me Beryl Botman, Cara Glider, Pascal Schaary, Jacobus Vlok, Premala Naidoo, Prof. Walter Claassen (US), Jenna Mosely, Karin de Jongh, Hannelie Bosman, Johan Bosman. Voor: Adrienne Hall (US), Julie O'Hagen, Lucill van Zyl, Christo Claassens, Christiaan de Jongh, Annamaria van den Heever (US), Heidi October (US).

**Foto 2 - Washington-funksie:** Agter: Tamara Gabriel, JJ Thiard, Tania Baltes, Katherine Berchulski, Christoff Krige. Voor: Darren Taylor, Mia Malan, Prof Russel Botman (Rektor en Visekanselier) en me Beryl Botman.

## Nuwe netwerk-koördineerde in die VSA

MatiesAlumni-netwerkkoördineerders reël in samewerking met die Alumni-kantoor byeenkomste, gee nuusgebeure deur en help met die bywerking van adreslyste. Hier is die nuutste koördineerde. Besoek gerus [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net) vir die volledige lys.

### Noeline Minnaar-Boshoff, Suidelike Kalifornië, VSA, (MA Sielkunde):

Noeline het in Middelburg in die ou Transvaal grootgeword en aan die US studeer. "Ek het my studentedae baie geniet, onder meer ge-BTK en baie tennis gespeel." In 1964 is sy met Gustav Boshoff, 'n siviele ingenieur, getroud. Sy het by die Raad vir Sielkundige en Opvoedkundige Navorsing gewerk totdat hul seun, Nico, gebore is. "Ons het ook 2 dogters, Najore en Fenella. Najore is met 'n Matie getroud en hulle woon naby ons in Kalifornië. In 1974 het ons 6 maande lank met 'n 'motorhome' deur die VSA getoer en besluit om onsself in Kalifornië te vestig. Sedert 1980 is ons in Camarillo, 70 myl noord van Los Angeles en 5 myl van die Stille Oseaan af. Ons praat almal slegs Afrikaans - behalwe as ons kwaad is, dan slaan ons gewoonlik oor in Engels om die regte woorde te vind! Selfs die kleinkinders is vlot in Afrikaans.

Kontak Noeline via e-pos by [hboshoff@cipcug.org](mailto:hboshoff@cipcug.org)

## Alumni-prestasies

In die vorige uitgawe van Matieland is oopgeslaan vir:

As gevolg van die spasie wat die Matieland-

brokkies te laat oorstaan tot die volgende uitgawe,

Stuur dit na [media@sun.ac.za](mailto:media@sun.ac.za) of faks dit na 011 717 3000.

## KONVOKASIE-NUUS



Die Rektor, prof Russel Botman, was die spreker by die jaarlike Konvokasie-vergadering in die HB Thom-teater op Stellenbosch. Hier is prof Christo Viljoen, Visepresident van die Konvokasie, prof Botman en prof Pieter Kapp, president van die Konvokasie.

(Foto: Anton Jordaan, SSFD)

## Rektor spreek Konvokasie toe

Die Rektor en Visekanselier van die Universiteit, prof Russel Botman, was die spreker tydens die Konvokasie se jaarvergadering op 8 November. Die tema van sy toespraak was "n Pedagogie van Hoop".

## Stuur jou e-pos adres!

In 2008 verstryk die termyne van drie lede van die Raad van die Universiteit Stellenbosch wat deur die Konvokasie aangewys is sowel as die termyne van twee verteenwoordigers van die donateurs van die Universiteit.

Dit kan dus wees dat die lede van die konvokasie vroeg in 2008 weer raadslede moet aanwys en so ook die stemgeregtige donateurs.

As gevolg van die groot koste van posgeld sal Konvokasielede per e-pos ingelig word en indien 'n verkiesing wel plaasvind, sal stembriewe onder meer ook via e-pos versprei word. Alle gegradsueerde van die US asook huidige en afgetrede akademiese personeel van die universiteit vorm deel van die konvokasie.

Om betyds ingelig te word, het die Universiteit jou inligting nodig. Kontak me Malena Fourie by 021 808 4843, e-pos jou besonderhede na [alumni@sun.ac.za](mailto:alumni@sun.ac.za) of besoek die alumni-webtuiste by [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net) om jou besonderhede aanlyn by te werk.

Vir meer inligting oor die Konvokasie, sien [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net) en klik op "Die Konvokasie".

## WORD 'N LOOPBAANMENTOR!

Al ooit daaraan gedink om jou kundigheid en vaardigheid met 'n jong Matie te deel? Komaan, registreer as 'n loopbaanmentor vir 2008!

Via die SUN Mentornetwerk, 'n interaktiewe webarea van die Sentrum vir Studentevoortulding en -ontwikkeling (SSVO), word studente met loopbaanmentors in kontak gebring om studente te ondersteun in die ontwikkeling van die nodige werksrelevante vaardighede.

Uit die verhouding tussen mentor en student (meesal via e-pos komunikasie) kan internskappe of selfs werkgeleenthede volg.

Jy bepaal die vlak van betrokkenheid sowel as die aard en frekwensie van interaksie.

As jy by hierdie opwindende inisiatief wil betrokke raak, kan jy jou besonderhede gaan registreer by [www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net). Gaan na "Hoe kan ek die US help?" en klik op "Mentorskap".

Caledon Villa  
GASTE HUIS  
★★★★★

Vir akademiese uitruiling is die Universiteit daar.

Vir kulturele uitruiling is Caledon Villa daar!

Kom tuis by Bolandse gasvryheid - rustig naby die kampus,  
die historiese middedorp en die Eersterivier.




Neethlingstraat 7 • Stellenbosch 7600 • Tel/Faks: +27 21 883 8912  
[info@caledonvilla.co.za](mailto:info@caledonvilla.co.za) • [www.caledonvilla.co.za](http://www.caledonvilla.co.za)



## PAUL ROOS GIMNASIUM/GYMNASIUM

U KEUSE VIR UITNEMENDHEID

YOUR CENTRE OF EXCELLENCE



# komendereünies



## Verpleegkunde hou reünie!

'n Reünie word beplan vir alle oud-studente wat gedurende die eerste 10 jaar van die kursus se bestaan die graad in Verpleegkunde gedoen het. Dit is van 1963 tot ongeveer 1973. Die reünie word op 29 Maart 2008 in Stellenbosch gehou.

Kontak me Connie Park (née Zaaiman) by tel 082 757 8708 of per e-pos by [cdp@sun.ac.za](mailto:cdp@sun.ac.za)



## Landlope-atlete wil reünie hou

Landloop-atlete van die US van die tydperk 1957 - 1961 word genooi om 'n reünie in die eerste helfte van 2008 by te woon.

Kontak mnr Eben Theron van Vanrhynsdorp by tel 027 219 1235 of by sel 083 373 7434 vir meer inligting. Die reünie sal in Stellenbosch of omgewing gehou word.



## BTK hou reünie in 2008

Die Berg- en Toerklub (BTK) is in 1928 gestig en vier in 2008 jaar sy 80ste bestaansjaar. Om hiermee saam te val, word 'n reünie van alle oud-BTKners tydens die PaasnwEEK, 21-24 Maart, beplan. Dit word weer op Kunje in die suidelike Cederberg gehou, waar die vorige reünie vyf jaar gelede ook plaasgevind het. Dit is toe deur bykans 300 mense bygewoon en die organiseerdes, onder leiding van prof Jurgens Hendriks, hoop dat net soveel geesdriftigers weer na Kunje sal opruk. Die sluitingsdatum vir inskrywing is 31 Januarie 2008.

Stuur jou naam, adres en kontakbesonderhede na Maretha Steinmann, Jonkershoekweg 56, Stellenbosch 7600; of per e-pos na [dietersteinmann@sun.ac.za](mailto:dietersteinmann@sun.ac.za) of skakel 021 886 6043.

Besoek die BTK se webwerf [www.sun.ac.za/btk](http://www.sun.ac.za/btk) vir meer inligting.



## Helshoogte beplan 35-jaar reünie

Helshoogte vier in 2008 sy 35te bestaansjaar. Dit beloof om 'n groot byeenkoms te wees, en voorbereidings is reeds in volle swang. Die reünie-fees bied iets ekstra spesial aangesien Helshoogte se JOOL-maat vir 2008, Minerva, ook hul 50 jaar reünie in 2008 gaan vier. "Geen detail gaan gespaar gelaat word nie, en die huidige hoenders sien uit daarna om die manne van gister 'n reünie-fees te bied waar herinneringe aan die dae van die verlede weer opgeroep gaan word," sê die organiseerders.

Besonderhede is beskikbaar by Izak Moolman, koördineerde, by tel 072 610 2670, of besoek die webblad by [www.sun.ac.za/helshoogte](http://www.sun.ac.za/helshoogte). "Ons hoop om ieder en elke ou hoender daar te sien."



## Reünie vir BRek-honneursklas van 1988

'n 20-jaar reünie word beplan vir die BRek-Honneursklas van 1988. 'n Finale datum vir die reünie in 2008 is nog nie vasgestel nie, maar stuur solank jou besonderhede vir Gerda du Toit (née Rossouw) by tel 021 8813536 of per e-pos by [gerdadutoit@mweb.co.za](mailto:gerdadutoit@mweb.co.za). Meer inligting sal dan aangestuur word.



## Huis Visser-manne, laat hoor van julle!

Huis Visser beplan 'n reünie vir 2009 en vra dat Oud-Vishuismanne van hulle laat hoor.

Kontak Joubert Tulleken by tel 083 557 6114 of stuur 'n e-pos na [145339552@sun.ac.za](mailto:145339552@sun.ac.za)

**Wilgenhof**  
105 JAAR - REÜNIE  
Respek ♦ Individualiteit ♦ Kritiese Denke ♦ Sin vir Gemeenskap

## 105 is groter as 100

Ons hoop om meer van julle (as met die eeuves) by nog 'n groter en lekkerder reünie te ontvang

**28 tot 30 Maart 2008**

**Vir meer besonderhede kontak enige van die onderstaande:**

Danie Fourie (Belange-komitee voorsitter) 072 192 4420 <a href="mailto:142609457@sun.ac.za">142609457@sun.ac.za</a>	James Klynveld (Argivaris) 073 197 0120 <a href="mailto:142919106@sun.ac.za">142919106@sun.ac.za</a>	Le Roux van der Westhuizen (Invitasione Hoof) 082 443 3776 <a href="mailto:lerdw@sun.ac.za">lerdw@sun.ac.za</a>
--	---	--

Administrasie gespouse deur:  
Campbell Smith - 073 361 0344

## Irene word 45

Irene Dameskoshuis is 45 jaar oud in 2008. 'n Reünie word vir 6 en 7 September beplan.

Skakel 082 580 6265 of stuur e-pos na [14624559@sun.ac.za](mailto:14624559@sun.ac.za) vir meer inligting.



## Minerva word 50!

Minerva is in 2008 'n halfeeu oud en die oud-Minervianers gaan behoorlik makietjie hou. 'n Reünienaweek in Minerva word beplan vir einde September 2008. Die reülingskomitee wil graag met soveel as moontlik oud-Minervianers kommunikeer en versoek dat almal hulle seker maak hulle en hul Minerva-vriendinne se kontakbesonderhede is korrek. Maak asb seker by [www.matesalumni.net](http://www.matesalumni.net).

Stuur ook as jou kontakbesonderhede aan [info@lisemarie.com](mailto:info@lisemarie.com) of skakel 082 200 6737. Enige voorstelle en/of versoek vir die reünie-verrigtinge is welkom.



## 40 jaar reünie vir Nerina

Nerina vier haar 40ste bestaansjaar in 2008 en hou reünie op die naweek van 12-14 September 2008. Kom herleef Nerina-wees, Student-wees en vrou-wees!

Kontak Melinda Claasen by sel 082 889 4313 of per e-pos by [nerina40@sun.ac.za](mailto:nerina40@sun.ac.za) vir meer inligting.



## Sonop word 80 jaar oud

Sonop beplan 'n reünie vir September 2008.

Kontak Jean-Mare Theron vir meer inligting deur 072 42 56 074 te skakel of 'n e-pos te stuur na [14627159@sun.ac.za](mailto:14627159@sun.ac.za)



## Alumni Ball a highlight of 2007

A gala ball on Saturday, 1st of September 2007 was a highlight of the Alumni Office's packed year of activities. This black tie event for alumni and friends of the University in the Western Cape was held at the Cape Town International Convention Centre (CTICC).

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, was the guest speaker at the event and MatiesAlumna, Charlene Truter (presenter of the lifestyle programme "Pasella" on SABC 2) was the compère at the event.

The well-known Jonny Cooper Big Band (also known as the official Glenn Miller Orchestra, South Africa) kept the guests on the dance floor.

Foto: Adv Pieter Botha, Ms Charlene Truter, Ms Beryl Botman, spouse of Prof Botman; Ms Heidi October (Coordinator: Alumni Relations) and Prof Russel Botman (Rector & Vice-Chancellor) (Foto: Anton Jordaan, SSFD)



© Evert Nel

## MATIESALUMNI REIS- EN VELDRYKLUB

### Sutherland Sterrekyn: 22 - 24 Februarie

Sterre, vlaktes, uitsigte - 'n sterrekynfees!

### Richtersveld Oorgrensspark: 23 - 28 Maart

Twee nagte in die Richtersveld en via die pont by Sendelingsdrif oor die Oranjerivier na Namibië. Onvergeetlik!

### Namibwoestyn: 8 - 14 April 2009

'n 600 km 4x4 roete oor van die grootste duine ter wêreld.

### Ethiopië: 1 - 11 Mei 2008

'n Onvergeetlike toer na Ethiopië saam met Mike Copeland, bekroonde Afrika reisskrywer.

### Angola: 29 Junie - 14 Julie 2008

Een van die beste reiservarings ooit.

Vir meer inligting, kontak Jurgens Schoeman by telno 021 912 4090 of per e-pos by [jurgens@thejourney.co.za](mailto:jurgens@thejourney.co.za)

## Alumni-byeenkomste al hoe gewilder

Die groot verskeidenheid funksies wat die Universiteit se Alumni-kantoor aanbied, word toenemend deur alumni bygewoon. In September het die Rektor, prof Russel Botman, sowat 450 alumni en vriende by 'n onbyfunksie in Johannesburg toespreek. Gaste is op hoogte gebring van die vordering wat die Universiteit met Toekomsvisie 2012 maak en kry ook die geleenthed om vrae te vra. Later in November is 'n opvolgfunksie gereël wat deur meer as 300 gaste bygewoon is.

Foto regs: Dr Danie Roos, 'n fisikus, vra 'n vraag oor die toekoms van Afrikaans by die US, terwyl TV- aanbieder van die aktualiteitsprogram, Fokus op SABC 2, Freek Robinson, toekyk. (Foto: Sieraaj Ahmed)



## VURIGE DAMES VIER HUIS TEN BOSCH SE SEWENTIGSTE VERJAARSDAG

Die naweek van 5-7 Oktober was 'n besonderse een vir groot getalle Vurige oud-Huis ten Bossers (sommiges uit die buitenland) wat die koshuis se sewentigste bestaansjaar kom herdenk het. Oorstelpte omhelsings van ou vriendinne was aan die orde van die dag.

Die Saterdagoggend-ontbyt met Dene Smuts as hoofgasspreker was 'n groot trekkleuster, met die hoogtepunt Saterdagaand se dinee. Sondagoggend is afgesluit met 'n gesellige koek-en-tee.

Stories is onthou, telefoonnummers is uitgeruil, foto's is geneem en vir 3 dae was oud en jonk weer studente. Volgens die organiseerders is huidige inwoners vermaak met staaltjies uit vergete se dae, en het 'n hele paar stuitige idees van hul voor-gangers gekry.

Een ding is seker, die dames van vuur se gees en passie vir Huis ten Bosch bly onblusbaar. Sien ook [www.sun.ac.za/huistenbosch](http://www.sun.ac.za/huistenbosch)

Foto 1: Dene Smuts (heel links) was die spreker by Huis ten Bosch se reünie. Hier is sy saam met me Frances Deetlefs (née Roche), Rina Mackenzie (née Jordaan) en haar suster me Leta Moolman (née Jordaan).

## HELDERBERG HOU WEER SUKSESVOLLE REPUBLIEKFEEFS

'n Groot sukses! Dis hoe die organiseerders vanjaar se Helderberg Republiekfees beskryf. 'n Grondwet vir die Oud-Helderberger Bond is in die lewe geroep en die ou bond is herroep. Danie Nel, Eric Bernardo, Johan du Plooy, Roelof McLachlan en Hendre Marnitz is verkies tot die Bestuurskomitee van Die Bond vir die volgende 4 jaar. Om alles te kroon is meer as R14 000 tydens die Gala-dinee ingesamel.

"Baie dankie vir al die Oud-Helderbergers wat die Reünie ondersteun het," sê die organiseerders!

Foto 2: Drie generasies Roux's het die geleenthed bygewoon: Oupa Abre, Pa Fanie en Kleinseun Abre Roux.

Foto 3: Tydens die Republiekfeesviering het Faans Roos, Natie Albertyn, Gysie Verster en die manne hulself ingespan om te wys dat die ou manne nog weet hoe om fees te vier.



DIE Steinhoff International Maties-rugbyklub spog weer eens met 'n indrukwekkende lys van prestasies wat Stellenbosch se trotse rugbygeskiedenis gestand doen.

Die FNB Maties het vanjaar bewys dat hulle die beste span in die provinsie én in die land is, deur die WP Super A-liga, sowel as die Nasionale Klubrugby-kampioenskappe te wen.

Nog 'n pluimpie in die klub se hoed is die goeie prestasies van hul jong ontwikkelingspan, die Sanlam Maties-rugbyakademie. Dié akademie, wat fokus op die ontwikkeling van jong rugbyleerlinge in histories benadeelde gebiede en ook gereeld klinieke in lewensaardighede by skole aanbied, is 'n groot sukses. Die akademiespan het verskeie toernooie, insluitend internasionale toernooie in Maleisië, gewen.

Enkele van die ander prestasies van die Klub vanjaar is:

- Wenner van die Centrale 7 Studentetoernooi in Parys en Bernidorm Sewes in Spanje
- Wenner van Intervarsities teen die Pukke, Tukkies en Ikeys
- Klubspelers Schalk Burger, Jean de Villiers, Peter Grant en Breyton Paulse wat vir die Springbokke gespeel het met Schalk en Jean wat die Springbokke by die Wêreldrugbybeker-toernooi verteenwoordig het.
- Gio Aplon en Deon Viljien wat vir die Springbok Sewes gekies is.
- Tinus du Plessis en Nico Esterhuyse wat vir Namibië gekies is
- 15 spelers wat vir die Stormers diens gedoen het, 16 vir die WP Curriebekerspan en 16 spelers vir die WP Vodacombeker; en
- Ruth Benadé, Anelda Coetzee, Andrea Stubbs en Lulani Vermeulen wat vir die WP Vroue-span gekies is.

## Maties Netbal beleef droomjaar

Die Maties Netbalklub het baie om daar te glimlag! Nie net is die span van 2007 een van die bestes nog nie, maar die Klub het ook gehoor dat hulle vanaf 2008 beurse kan toeken uit 'n testamentêre trustfonds van wyle Dora de Villiers ten bedrae van R1 miljoen. Die trustees van hierdie trust het onlangs besluit om die Universiteit, en in besonder, die Maties Netbalklub, te begunstig.

"2007 was 'n droomjaar vir die klub," sê Karen Swart, Sportbestuurder by die US. "Met puik vaardighede spel, gedissiplineerde veggees en uiters goeie samespel was die span onoorwonne in 2007 en boonop het hulle die gedugte Stellenbosch Netbalinstytuut (SNI) in die finaal van die


Boland Superliga met 45-22 geklop."

Al agt spelers het ook Boland verteenwoordig, hetsy Boland A of Boland 0/21.

Op nasionale vlak is daar ook verteenwoordiging. Claudia Basson is as hoofdoel vir die SA Proteaspan gekies wat aan die Wêreldbekertoernooi deelgeneem het, en het ook saam met Leanie Kleynhans deel uitgemaak van 'n groep van 15 spelers in die SA Protea-span wat teen Malawi meegegeding het.

Die Maties Netbalklub spog ook met Bronwyn Bock-Jonathan en Christine Markgraaf wat voorheen vir die Maties netbal gespeel het en deel uitmaak van die SA Proteaspan wat in November aan die Wêreldbeker deelgeneem het. Bronwyn was die kaptein van dié span.

## MATIES RUGBY WEER BESTE IN LAND



Links bo: Die land se beste! Die FNB Maties het die WP Super A-liga, sowel as die Nasionale Klubrugby-kampioenskappe gewen.

Regs bo: Schalk Burger, 'n lid van die Maties Rugby-klub, met die gesogte William Webb Ellis-trofee. By hom is Victor Matfield. (Foto: Marli van Wyngaard, Eikestadnuus)

Regs: Elgar Watts is aangewys as die Agterspeler van die Toernooi by die Nasionale Klubkampioenskappe. Hy is ook aangewys as die nasionale klupspeler van 2007



Bolandkampioene! Agter is Zaandré Theron, Mariana van Zyl (afrigter), Claudia Basson, Andrea Steyn, Toschca Ferreira en Zsa-Zsa Temmers (kaptein) en voor is Leanie Kleynhans, Marié Kloppers en Inge Hendrikse.



*Photo: Jackie Wiese*



*Champions through and through. The Steinhoff International Maties Men's and Women's Hockey Team.*

## Maties' hockey heroes

THE 2007 hockey season will be remembered as a season of spectacular success for Maties Hockey.

The year started with the Maties Hockey Club presenting for the first time ever an International Hockey Festival at Coetzenburg. Following this successful tournament, the Maties also acted as hosts for the 2007 South African Student Sports Union (SASSU) Hockey Championships in July.

Again the management of Maties Hockey did Stellenbosch proud by presenting a well-organized and exciting tournament. The students also played their part, and claimed three of the four trophies that were up for grabs.

Although more than 37 of South Africa's best student hockey teams flocked to Stellenbosch to compete for the trophies, the Maties boasted with a team

in each of the four finals. In the finals of the B Division the Vics men's team triumphed over Tukkies, and the Vics women (the Maties second team) over the University of Witwatersrand.

The Maties' first men's team put up an amazing fight against the University of KwaZulu-Natal (UKZN) in the A Division's final, but lost in extra time with 2-1 after UKZN scored the golden goal.


The Maties' first women's team was the heroes of the tournament. They claimed the A Division's trophy without conceding a single goal against them, and won the final against the University of Johannesburg convincingly 3-0.

The rest of the season was also filled with highlights producing 13 SA players and 62 provincial representatives. The Maties women claimed the title in the Western Province Grand Challenge League for the 8th consecutive time, while remaining undefeated.

The Maties men followed suit and managed to win this league for the first time since 1998.

Both teams represented WP at the National Hockey Club Championships. The men finished third although they remained undefeated. The women finished in the top spot claiming their 14th club title, proving that they are indeed the best hockey team in the country.

**kort sport**



- Stellenbosch is gekies as die basis van die **Springbok Sewespan**. Die spelers word in Huis Neethling gevestig en sal via die Universiteit Stellenbosch Sportprestasie Instituut (SUSPI) gebruik maak van US-fasiliteite soos die gimnasium, herstelgeriewe, mediese fasiliteite en kondisioneringsgeriewe. Op Foto 1 is Joe Pietersen, 'n Matie, wat deel was van die Springbok Sewes oefengroep.
- Heinrich Schloms van die **Maties-kanoklub** hou Stellenbosch se naam hoog deur vyfde te eindig in die uitmergelende Bergrivier-kanomarathon.
- Sewe atlete van die **Maties-attletiekklub** verteenwoordig Suid-Afrika by die 2007 Afrika Spele in Algiers, naamlik Keenan Watson (verspring), Janus Roberts (gewigstoot), Robert Oosthuizen (Foto 2) (spiesgool), Alphonso Primo (3 000 m hindernis), Tihanna Voster (400 m), Ruzanne Harris (20 km stap) en Janice Josephs (verspring, sewekamp en hoogspring).
- Drie atlete van die **Maties Helderberg Sportklub vir Atlete met Gestremdhede** palm ses medaljes

vir Suid-Afrika in by die Afrika Spele in Algiers. Maties se Ilse Hayes wen goud in die 400 m vir vroue en silwer in die verspring, Fanie van der Merwe (Foto 3) wen goud in die 100 m en 200 m en stel Afrika-rekords op albei; en Hilton Langenhoven wen goud in die verspring en spiesgool.

- Die **Maties-swemmers** laat die rekords spat by die jaarlikse Maties Strand Winter-gala. Heerden Herman verbeter die 1 500 m, 800 m, en 400 m vryslag rekords en word as Senior Victor Ludorum aangewys. Yolandi van der Merwe (Foto 4) wen die Senior Victrix Ludorum-trofee en Abdul-Malick Railoun die Junior Victor Ludorum-trofee, terwyl Jessica Pengelly 'n nuwe rekord in die 400 IM opstel. Swemmers van so ver as Dubai, Namibië, Gauteng en die Oos-Kaap het deelgeneem.
- Chris Erasmus van die **Maties-gholfklub** eindig tweede in die Nasionale Universiteite Gholf-kompetisie en word sodoende die Matie wat nog die beste gevaaar het in dié kompetisie in die geskiedenis van Maties Gholf. Hy word ook gekies

vir die SA Universiteite-span.

- Die **Maties-judoklub** se judokas het goed gevaaar by die Suid-Afrikaanse Geslotte Judokampioenskappe. Werner van Zyl het 'n goue medalje verower, Jurg van Zyl 'n silwer medalje, en Sewis van Zyl 'n brons medalje. Maties Judo het ook vir die sesde agtereenvolgende jaar die SASSU toernooi gewen. Hierdie jaar was daar ook vier Maties opgeneem in die SASSU span wat deelgeneem het aan die Wêrelde Studentespele in Bangkok, Thailand.
- Vanjaar se winners van die gesogte **Sauer-beker** (eerstespanne rugby) is Dagbreek. In die finaal het die Bloutrein die boere van Elsenburg met 27-3 verslaan.
- Vanjaar se **Maties Sportman en -vrou van die Jaar** is die spiesgooyer Robert Oosthuizen en die hokkiespeler Kate Hector. Op Foto 5 is Kate by mnr Joep Loots, Hoofsportbeampte: Atletiek, wat die trofee namens Robert Oosthuizen, Sportman van die Jaar, tydens die Sporterekleurendine, ontvang het.



stellenbosch FOUNDATION

stellenbosch STIGTING

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het die Visekanselierstoekening (Goud) op Stellenbosch aan die Claude Leon Foundation, die Harry Crossley Foundation, British American Tobacco SA en die EJ Lombardi Trust (*in absentia*) oorhandig. Hier is prof Doug Rawlings, die Waarnemende Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, wat op die Raad van die Claude Leon Foundation dien en die toekennung (Goud) namens die organisasie ontvang het; me Linda Whitfield (Harry Crossley Foundation), prof Botman en me Fay Kajee (British American Tobacco SA). (Foto: Anton Jordaan, SSF)

# US VEREER GROOT DONATEURS

Die rekordbedrag van R116 miljoen wat die Universiteit Stellenbosch (US) in 2006 in donasies ontvang het, is tekenend van die Universiteit se groeiende aansien onder donateurs en die uitstekende werk deur akademici en ander lede van die personeel om ons missie vir die toekoms, soos beliggaam in Visie 2012, 'n werklikheid te maak. So het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, gesê tydens die oorhandiging van die Visekanseliers-toekening aan donateurs tydens twee glansgeleenthede vanjaar waarin erkenning gegee word aan die US se grootste donateurs.

"Dit weerspieël die onderneming wat ons gemaak het tot 'n uitwaartse rol in Suid-Afrika en globaal," het hy gesê.

Die Visekanselierstoekening word net elke paar jaar aan individue gemaak wat gesamentlik meer as R1 miljoen aan die Universiteit skenk, en aan maatskappye wat gesamentlik meer as R2 miljoen skenk. Donateurs wat gesamentlik meer as R5 miljoen skenk,

ontvang die gesogte Visekanselierstoekening (Goud).

Die toekennings is in Augustus by 'n funksie in Johannesburg en 'n funksie in Stellenbosch oorhandig.

In Johannesburg is die SA National Road Agency Ltd (SANRAL) en die National Lottery Distribution Trust Fund met die Visekanselierstoekening (Goud) vereer terwyl die Visekanselierstoekening aan Vodacom, die Poliomyelitis Research Foundation, ABSA, die WNNR, die Albert Wessels Trust, MIH Holdings, die First Rand Foundation, die Dippenaar Familietrust en mnr Markus Jooste (*in absentia*) oorhandig is.

In Stellenbosch is die Harry Crossley Foundation, British American Tobacco SA, die EJ Lombardi Trust (*in absentia*) en die Claude Leon Foundation met die Visekanselierstoekening (Goud) vereer, terwyl MediClinic, Winetech, PSG, Media 24, South African Wine Industry Trust (SAWIT), Upstream Training Trust (*in absentia*), Compass Group, die Rupert Musiekstigting, dr Edwin Hertzog, mnr Jannie Mouton en mnr Joao des Santos (*in absentia*) met die Visekanseliers-toekening vereer is.

Die US gee reeds sedert 1987 erkenning aan instansies wat meer as R1 miljoen (sedert 2004 is dit R2 miljoen) aan die Universiteit skenk. In 2000 is besluit om die Visekanselierstoekening (Goud) te skep vir donateurs wat meer as R5 miljoen skenk.

Volgens prof Botman het die donasies wat ontvang is, die US in staat gestel om beurse aan arm en talentvolle studente te verleen en om kuns, kultuur en sport te bevorder. Verder kon die US se leer- en onderrigprogramme en navorsingsprofiel uitgebou word, wat die Universiteit in staat gestel het om

meer relevant en betekenisvol vir al die mense van ons land te word.

"Die bou van 'n grootse universiteit verg meer as geld. Dit neem tyd, die kollektiewe pogings van groot geeste, innovasie en verbeelding en boe die alles verg dit toegewyde vriende en vennote wat ons uitdagings verstaan en in ons visie deel," het prof Botman gesê.

Hy het ook gesê dat die Universiteit hom toeneend met die Verenigde Nasies se millennium-ontwikkelingsdoelwitte vereenselwig. Dit het volgens hom nie net by filosofie gebly nie, en die US het oor die laaste aantal jare reeds 'n paar mylpale behaal. Dit sluit in 'n laewentelbaan-observasiesatelliet wat ekologiese en sosio-ekonomiese patronen kan monitor, 'n internasionale vennootskap via die Agribusiness in Sustainable Natural African Plant Products (ASNAPP), die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studie (STIAS) en Wallenberg Navorsingsentrum wat vir hierdie doel gebou is, asook die feit dat die Universiteit die beskermheer is vir die African Institute for Mathematical Sciences (AIMS).


"Hierdie inisiatiewe verseker dat ons ingesluit word by betekenisvolle vennootskappe met erkende universiteite en instellings in Afrika waardeur ons ons bronre kan poel in 'n poging om effektiewe uitkomste vir die millennium-ontwikkelingsdoelwitte te verseker," het prof Botman gesê.

Die toekennings - in die vorm van klein brons beeldjies (genoem A bird in hand) - is deur die bekende kunstenaar en Maties-alumna Claudette Schreuders geskep. Die opdragwerk vir die beperkte hoeveelheid van 20 brons beeldjies is gepatineer ('n soort verouderingsproses) en deur die kunstenaar met die hand geverf. Ontvangers van die Visekanseliers-toekennings (Goud) het handgeweefde bakke in metale van Afrika ontvang. Die kunstenaars, Jobe Sithole, Mzozima Dladla en Mgongo Ngubane van landelike KwaZulu-Natal, het 18 karaat goud en verskillende kleure koper in 'n unieke patroon gebruik. Die bakke is in houtdose, handgemaak van Afrika-hardehout deur Marcus Kruger, verpak. Die opdragwerke is deur Julia Meintjes Fine Art gefasiliteer.

- Mnr MD (Mike) Bester van Kroonstad (60).** Verwerf die grade BAdmin 1968; Hons BA 1970.
- Mnr JH (Koos) Blanckenberg van Melkbosstrand (52).** Oudinwoner van Eendrag. Verwerf die grade Hons BEng 1978; MEng 1981.
- Mnr JF (Johan) Bonthuys van Stellenbosch (62).** Oudinwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BSc 1967; Hons BSc 1968; HonsB (B en A) 1984. Het gewerk in die Departemente Polimeerwetenskap en Chemie.
- Mev A (Anna) Boshoff (née Verwoerd) van Orania (75).** Oudinwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die grade BSc 1952; SOD nagraads 1953. Sy was die dogter van die destydse Eerste Minister, Hendrik Verwoerd.
- Mev S (Sonja) Bradley (née Kraemer) van Bellville (46).** Oudinwoner van Minerva. Verwerf die graad BA 1981. Was werkzaam in die Menslike Hulpbronnewebedryf.
- Mnr CDUT (Charl) Cillie van Randhart (77).** Oudinwoner van Huis Visser. Verwerf die graad BSc Bosbou 1952.
- Mnr E (Eric) Coates van Clubview (64).** Oudinwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BSc Landbou 1970.
- Prof CG (Colin) Coetzee van Grahamstad (88).** Verwerf die grade BA 1943; MA 1947; DPhil 1954.
- Mnr CS (Colin) Cohen van Chempet (70).** Oudinwoner van Dagbreek. Spesiale student in Landbou.
- Mnr SJP (Schalk) de Klerk van George (80).** Verwerf die grade KD in teologie 1963; LisTeol 1964.
- Mnr JF (Johan) de Lange van Jeffreysbaai (65).** Oudinwoner van Dagbreek en Simonsberg. Verwerf die grade BA 1966; LSOD 1966.
- Mnr AH (Abraham) de Vries van Paarl (76).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc in Landbou 1952.
- Mnr JGB (Jannie) de Vries van Parys, OVS (74).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc Landbou 1956.
- Dr CF (Carl) Dick van Dundee (66).** Verwerf die grade KD in Teologie 1964; LisTeol 1965; BTh 1965; MTh 1971; DTh 1982. Predikant-sendeling van Msinga in KwaZulu-Natal. Skrywer van boeke, traktaatjies en handleidings. Het ook bekend gestaan as Mangoba - die Oorwinnaar.
- Dr AJ (Apies) du Toit van Vredenburg (76).** Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc Bosbou 1954; MSc Bosbou 1956; DSc Bosbou 1959. Was dosent in Houtkunde aan die US.
- Mev HJE (Hettie) Engelbrecht (née Visser) van Bellville (79).** Oudinwoner van Sonop. Verwerf die graad BA Maatskaplike Werk 1951.
- Mnr LS (Laurens) Erasmus van Stellenbosch (73).** Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc Landbou 1954; MSc Landbou 1965. Was Kollegehoof van Elsenburg en speel 'n leidende rol in nuwe kursusontwikkeling.
- Mnr H (Hugo) en mev GL (Ina) Fourie (née Erasmus) van Velddrif (75).** Mev Fourie verwerf die Diploma in Huishoudkunde 1951.
- Mnr ND (Niek) Geldenhuys van Pretoria (85).** Verwerf die graad BCom 1942. Toegelaat tot die Chartered Institute of Secretaries (Londen) in 1948 en verwerf die graad HonsBCom van Unisa in 1968. Werk by die Mieleraad tot en met sy aftrede in 1983.
- Ds BA (Beeuwen) Gerryts van Wilropark (71).** Verwerf die grade BA 1957. Oud-leraar van die NG Kerk Wilgespruit.
- Mnr BJ (Barend) Groenewald van Panorama (80).** Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BSc Ing 1949.
- Mnr JA (Johannes) Hurter van Villieria (93).** Verwerf die grade BA 1935; LLB 1939.
- Mev ES (Elizabeth) Hurter (née Marais) van Riversdal (93).** Verwerf die grade BSc 1936; SOD (nagraads) 1936.
- Mev EM (Minkie) Jonker (née Du Plessis) van Bonnievale (79).** Verwerf die grade BA 1947; POS in spraak 1949; SOD (nagraads) 1948.
- Mnr AJ (Adolph) Jonker van Bonnievale (50).** Oudinwoner van Eendrag. Gesiene boer en sakeman van Bonnievale.
- Ds JH (Kobus) Koch van Durbanville (68).** Inwoner van Majuba. Verwerf die grade BA 1960; Hons BA 1963; BTh 1967; LisTeol 1968. Was vroeger predikant in Sinodale Diens van die NG Kerk en ook Sendingsekretaris. Was intens betrokke by die herenigingsproses van die Getuenisstrukture van die NG Familie van kerke in die Wes- en Suid-Kaap.
- Mnr OL (Otto) Kossar van Sedgefield (52).** Verwerf die graad BA in 1970. Gebore en Oostenryk. Werk as onderwyser in verskeie skole in die Wes-Kaap en vestig hom daarna in Sedgefield waar hy onder meer 'n bediening vir armes, Masithandane ("laat ons mekaar liefheb") vestig. Speel 'n leidende rol in sosiale en gemeenskapskringe.
- Mnr NC (Nicolas) Krone van Tulbagh (89).** Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BSc Landbou 1939. Bekend as 'n pionier van die wynbedryf - veral met koue gisting en wat betref "Nuwe Wêreld-wyne". Word in Frankryk vereer met die Commandeur d'Honneur-toekenning. Was 'n leier in die ontwikkeling en vestiging van die landgoedbedryf en van 1988 beskermheer van die SANWV. Hy was 'n natuurliefhebber, lief vir stap en het in sy studentejare krieket en rugby vir die US gespeel. Was 62 jaar getroud met Vera.
- Mev AD (Angela) Lanz (née Tudhope) van Llandudno (75).** Oudinwoner van Huis de Villiers. Verwerf die graad BA (MW) 1952.
- Mnr AN (Albertus) le Grange van Hartenbos (67).**
- Prof TH (Tony) Links van Roodepoort (62).** Verwerf die grade MA 1980. Bekende akademikus, skrywer en kampvegter vir Afrikaans. Het uitgetree as registrator van Unisa. Het ook 'n lang loopbaan as professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland gehad.
- Mev MM (Mara) Louw (née Smit) van Vanderbijlpark (87).** Oudinwoner van Huis Ten Bosch. Verwerf die Sertifikaat in Spraak 1940 en die grade BA 1941; SOD 1942.
- Mev MM (Magdalena) Louw (née Scholtz) van die Strand (46).** Verwerf die grade BHuishoudkunde (Ed) 1985; Hons BHuishoudkunde 1986.
- Mnr PDV (Pieter) Louw van Sinoville (69).** Verwerf die grade BSc Landbou 1964; Hons BSc Landbou 1968; MSc Landbou 1969.
- Mnr PW (Piet) Marais van die Strand (86).** Verwerf die graad BA.
- Ds CF (Charl) Marais van Drie Riviere (78).** Verwerf die grade BA 1949 en studeer aan die Kweekskool in 1953. Bedien die gemeentes Thorton, Roodepoort-Noord, Horison, Heidelberg, Sikerbosch-Rand, Wellington-Noord en Vereeniging-Oos.
- Mnr GF (Erik) Müller van Kuilsrivier (85).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc 1941; SOD 1942.
- Mev MM (Maatje) Nel (née van der Merwe) van Ficksburg (74).** Oudinwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA 1952; SOD 1953. Het die US en Suid-Afrika verteenwoordig in netbal. Was ook lid van Stellenbosch se Dalrymple-span vir twee jaar. Gee onderwys in Malmesbury en later lektor aan die Universiteit van die Vrystaat.
- Mnr M (Montgomery) Polman van Stellenbosch (63).** Verwerf die grade Hons BA (Maatskaplike Werk) 1983; MA (Maatskaplike Werk) 2004. Bekende gemeenskapsleier van Cloetesville, Stellenbosch.
- Me NA (Nicola) Salmon van Claremont (24).** Verwerf die graad BA in 2005.
- Dr NW (Norman) Scheffers van Kuilsrivier (55).** Verwerf die graad MA 1998.
- Mnr GA (Gillian) Schoombee van Elarduspark (80).** Verwerf die graad BA 1947.
- Mnr BF (Bernie) Segal van Panorama (68).** Verwerf die graad BA 1961.
- Mnr E (Enslin) Smit van Durbanville (67).** Verwerf die graad BSc 1961.
- Dr C (Cilliers) Snyman van Lynnwood (65).** Verwerf die graad DED 1992.
- Dr RC (Richard) Solomon van Kaapstad (48).** Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BChD 1986.
- Mnr PL (Lodi) Steyl van Stellenbosch (59).** Oudinwoner van Wilgenhof.
- Mev MB (Barbara) Stockton (née McDonald) van Somerset-Wes (87).** Oudinwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA 1950.
- Mnr HCJVR (Hendrik) Strydom van Oberholzer (87).** Verwerf die grade BSc 1943; MSc 1946.
- Mnr DC (Nelis) Swart van Bellville (63).** Voormalige inwonende Hoof van Hippocrates. Verwerf die graad BA 1970. Veral bekend in atletiekkringe op Stellenbosch en lank heetydse sekretaris van die Matie-klub. Was ten tye van aftrede Hoof: Akademiese Administrasie by die Tygerberg-kampus.
- Mnr TH (Theunis) Swart van Bellville (46).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA 1981; Hons BA 1983; BTh 1985. Sing in die Universiteitskoor en was ook stigter en lid van die Bosch Troebadoers Serenade Groep. Was werkzaam by die Balju-kantoor in Bellville.
- Dr JJR (Johannes) van der Merwe van Stellenbosch (90).** Oudinwoner van Dagbreek en oud-personeellid van Sportwetenskap. Verwerf die grade BEd Ph 1941; MEd Ph 1954; PhD in Liggaamlike Opvoeding in 1978.
- Mev EF (Beth) van der Merwe (née van der Merwe) van Middelburg (90).** Oudinwoner van Sonop. Verwerf die grade Dip in LO 1940.
- Rechter WA (Willem) van Deventer van George (77).** Oudinwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BA 1950.
- Ds FJC (Frans) van Heerden van die Strand (90).** Spesiale student in Lettere en wysbegeerte in 1944.
- Dr JH (Hannes) van Wyk van Wonderboom-Suid (94).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA 1931.
- Mnr D (Dewald) Voigt van Panorama (25).** Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BIng 2004; MSc Ing 2006.

**NOTA:** Matieland huldig graag oudstudeente wat oorlede is, maar benodig sover moontlik volledige inligting. Dit sluit in volle name, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n kort beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.

Stuur asb die inligting na me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.



# adieu PROF ELIZE

Iemand wys my onlangs daarop dat die uiterlikebeeld van die Universiteit Stellenbosch gedurende die afgelopen tien, twintig jaar weinig verander het. 'n Mens kan so 'n waarneming nog verder terugskuif. 'n Tyd gelede blaai ek in die kosbare ou "Gedenkboek van het Victoria-kollege" van 1918; voorin is 'n tekening deur ene C Neethling, "Jonkershoekkoppies en de Stellenboschvallei", en tussen die Pieke, die toering van die Moederkerk, die akkerbome, kan 'n mens jou gevoeglik die Ou Hoofgebou, die Kweekskool, Victoriastraat en Die Laan voorstel – trouens ons hele klassieke universiteitsdorp, geplaas in een van

die mooiste landskappe ter wêreld. Ek sou vandag nog, soos toe ek 'n eerstejaar was in 1948, van Huis ten Bosch af by Dagbreek en Huis Marais verby na Soeteweide stap en my verbeel dat die tyd stilgestaan het.

Maar dan begin ek oplet na wie saam met my die sypaadjie bewandel: 'n nuwe generasie, soos daar jaar na jaar nuwe generasies studente die aanslyn van die Universiteit Stellenbosch verander het sedert Christian Dior se "New Look" in 1948 hoogty gevier het by die dames onder die eike.

Dan kom dit my voor asof vernuwing, verandering, binne die skynbare onveran-

derlike van ons klassieke dorpsbeeld, een van die durende kenmerke van ons universiteit moet wees.

Die ou bronre vir die geskiedenis van ons Universiteit vertel ons daarvan. Telkens word die besef van " 'n nuwe Stellenbosch" uitgedruk tydens beduidende veranderinge in die land en in die akademiese omgewing: in ou joernale van die Victoria-Kollege na die Anglo-Boereoorlog, in die ou Gedenkboek waarin ook die oorgang van kollege na universiteit in 1918 beskryf word. "Alles streeft naar vooruitgang en verbetering", skryf die studenteleier PJ du Toit, later 'n beroemde wetenskaplike, in 1902. "Jong Zuid-Afrika is uit die smeltkroes gehaal, en het arbeidsveld ligt voor ons open om de onzen te dienen." Van " 'n nuwe Stellenbosch", 'n universiteit waarvan "die strewe moet wees on internasionaal te wees in die beste sin: om in voeling te bly met die algemene intellektuele erfenis van die mensheid," skryf ook die jong dosent JFW Grosskopf, later vooraanstaande ekonom en bekende Afrikaanse toneelskrywer, in 1918.

Die nuwe besef van diensbaarheid "voor de onzen" groei by die universiteit, en die begrip word genuanseer en uitgebrei: daar is uitreiking deur gemeenskapsdiens, daar is die strewe om 'n aktiewe rolspeler te wees in die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse samelewing, daar is die visiestelling om te bou aan "die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika".

Gekenmerk deur waardes en ver-skynsels wat onveranderd bly deur ons geskiedenis heen, is die Universiteit Stellenbosch steeds op reis, deur veranderende landskappe heen.

Opwindend is dit om te weet dat Afrikaans as akademiese en onderrigtaal, saam met die ander tale wat deel is van die US-omgewing, op die reis meegeneem word, opgeskerp en verryk soos met 'n taal gebeur wat nuwe gebiede, nuwe strominge moet benoem en verklaar.

## *Selling Masterpieces in every area*

### Stellenbosch



**Sole Mandate**

14 ha. Vacant farm land - 5min. from Stellenbosch. Build your dream "FARM HOUSE" surrounded by Shiraz and Chenin Blanc vines under drip irrigation. Real country-side feeling with large dam and mountain views, next to very well established wine farm.  
Asking Price: R6 900 000.  
Contact: Ron Jones 082 853 4889.

### Stellenbosch



**Mandate**

Say Hello to a Good Buy! R4 950 000 incl. transfer fees! This spacious home on large stand with dam view offers ample accommodation. A rented house since completion, this house needs an owner to love it and improve it and make it a home. Baby sister also available at R4 560 000 incl. transfer fees!  
Contact: Chris Cilliers 082 568 1122.

### Stellenbosch



**Alleenmandaat**

Ruim groot woning naby die kampus en winkelsentrum. Huidige huurinkomste van R20 000 per maand. Baie groot erf, swembad en lapa. Met 'n lieflike braai area en langergras tuin. Voldoende parkering.  
Vraprys: R3 750 000.  
Skakel: Johann du Toit 082 572 5273.

### Stellenbosch



**Alleenmandaat**

Ongelooflike ligging! Naby Paul Roos, Rhenish en Bloemhof. 3 Slaapkamers, 3 badkamers, sitkamer, eetkamer, woonkamer, onthaalarea langs swembad, studeerkamer, moderne kombuis en wonderlike uitsigte op die berge. Vraprys: R2 995 000.

Skakel: Anita Marais 082 853 4135.

### Stellenbosch



**Alleenmandaat**

Splinternuut! Moderne dorp huis, prag uitsigte. Dubbele leef area, 3 slaapkamers en 2 badkamers.  
Net reg vir intrek!  
Vraprys: R1 150 000.  
Skakel: Marlene Robson 072 148 7206.

### Stellenbosch



**Alleenmandaat**

Aanbiedinge: R 2 200 000. Kom besigtig hierdie eiland in gewilde area stapafstand van skole en Universiteit van Stellenbosch! Hope potensiaal vir verdere ontwikkeling sowel as goedgekeurde planne vir tweede woning met verhuringspotensiaal. Vraprys: R2 450 000. Skakel: Marelise Visagie 072 776 2645.

### Stellenbosch



**Alleenmandaat**

Pragtige woonstel in die kern van Stellenbosch. Lugversorging en ruim balkon. In 'n sekuriteitskompleks met kelder parkering.  
Vraprys: R1 860 000.  
Skakel: Magteld Du Toit 072 583 8183.

### Stellenbosch



**Joint Mandate**

Offers from: R2 995 000. A modern home with style & quality, newly renovated to perfection with travertine & granite finishes in 2 beautiful bathrooms & kitchen, new pool & manicured garden completes the picture, owners are relocating, so claim this blue chip investment as yours today. Asking Price: R3 100 000.  
Contact: Christine Bowles 082 417 2506.

### Stellenbosch

Adam Tas (AFFORDABLE!) Bachelor	33m <sup>2</sup>	R 450 000
La Dauphine (CAMPUS!) 1 Bdrm	41m <sup>2</sup>	R 985 000
Dennehof (CAMPUS!) 1 bdrm	45m <sup>2</sup>	R1 095 000
Twee Pieke (SECURE!) 2 bdrm	50m <sup>2</sup>	R 795 000
Akkerhof (FURNISHED!) 2 bdrm	74m <sup>2</sup>	R 985 000
Machof (CAMPUS!) 2 bdrm	47m <sup>2</sup>	R1 300 000
Oudehoek (CHURCH STR!) 2 bdrm	74m <sup>2</sup>	R1 700 000
Parkview (CAMPUS!) 2 bdrm	51m <sup>2</sup>	R1 750 000
Slave Cottage(HISTORICAL) 2 bdrm	40m <sup>2</sup>	R1 795 000
Nouveau (SPACIOUS!) 4 bdrm	73m <sup>2</sup>	R 985 000

# la Clémence

by Stellenbosch

Koester Jou Afrede!

## ONGELOOFLIK!

Dit is asof *la Clémence*, die leefstyl-ontwikkeling gerig op die aftreemark, in geluk gebore en met seën oorlaai, geen perke ken nie! Hierdie uitsonderlike geleentheid om jou aftrede in uniekheid te omvou, kraak met elke dagbreek die dop van opwinding oop!

**Fases 1 en 2:** 73 wonings is binne "ongelooflike blitsomblikke" UITVERKOOP!

**Fase 3:** die "te koop-gordyn" het pas tydens 2007 oopgeskuif en ... van die 22 onmisbare geleenthede is nog slegs 8 beskikbaar!

**Fase 4:** op aandrang van voornemende kopers is alreeds die helfte van hierdie wonings volgens 'n voorkoopregsbeginsel opgeraap!

Met die sekere besef van die waarde wat *la Clémence* bied, het van die eienaars sonder skroom meer as een woning gekoop, terwyl die ontwikkelaar 'n hele aantal wonings as 'n langtermynbelegging behou.



Die opgewonde eerste inwoners prof. en mev. H. Gous, ontvang alreeds hul sleutels!

## LA CLÉMENCE

Genestel tussen die skilderagtige Stellenboschberge, getooi tussen historiese olienhoutlanings, word die onherhaalbare geleentheid van 'n nuwe leefstyl te *la Clémence* deur die volgende wesentlike eienskappe beklemtoon:

- **'n Uitsonderlike landelike ligging – met 'n boetiek-inkopiesentrum op jou drumpel • Eie titel**
- **Omvattende sekuriteitsbeheer • Moderne gesondheidsorg • Stylvolle afwerkings – verskeie keuses van vloerplanne • 'n Meerdoelige klubhuis – toegerus met 'n spysenieringskombuis**
- **GEEN VERBORGE KOSTES**



Die informele werkskomitee :v.l.n.r. mnr. E. Meershoek, prof. P. Kapp, mev. M. Claassens, dr. G.N. van Wyk, prof. I. v.d. Merwe, mnr. K. de Waal, mev. J. Oosthuizen, prof. H. Gous, dr. J. Piaget, prof. W. Conradie

## 'n WEERKAATSING VAN ONS SIEL

• Betrokke inwoners spel die woorde: "geluksalige sukses"! Vóór die "GROOT TREK" bestaan daar alreeds 'n wonderlike gemeenskapsgevoel onder eienaars ... tydens die eerste informele vergadering van huiseienaars, was die bywoning verstommend en is 'n voorlopige werkskomitee verkieks om die ontwikkelaar by te staan in die finaliseringsproses van aanvanklike bestuursbesluitnemings.

• **Met sagte oë reik ons steeds uit ...** die Primère Skool Weber Gedenk (in Jamestown) se 45ste-feesjaarvieringe is vervolmaak deur 'n reuse-teëlskenking deur die ontwikkelaar, ten einde hul skoolsaaldrome te voltooi!



Bernhard Williams (skoolhoof), Kurt Schou (Tiletoria) en Verna Kempen (tydens die teëloorhandiging)

Vir diegene wat nie langer kan wag om die geleentheid tot 'n unieke leefstyl aan te gryp nie, is daar 'n beperkte aantal voltooide wonings beskikbaar!

**LA CLÉMENCE ... hemelse poorte wat lei na 'n gesogte leefstyl!!**

**KONTAK ONS GERUS.**

Nicholas  
Naomi  
Kantoor  
Webwerf

083 954 6689  
084 687 5823  
021 880 1091  
[www.laclemence.co.za](http://www.laclemence.co.za)